

TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION

SECTION 29 INQUIRY

DATE: 21.08.1997

NAME: ABRAHAM VAN ZYL

CHAIRPERSON: Good morning and welcome. This is a Section 29 inquiry and an investigative process which is carried on in terms of the Act. The proceedings in this inquiry will be held **in camera**, in keeping with the legislative provisions. The intention is, in fact, or really, to gather information. Now in terms of that Act no one other than the members of the Commission and/or the witness and/or his legal representative are entitled and permitted to be in these proceedings. No information that has been the subject matter of these proceedings will be released to the media or will be published, unless the Commission decides to do so. In those circumstances the Commission will not do so until and unless it has given the appropriate notice to the witness and/or to his legal representative.

Further we are not going to make any findings in these proceedings. As I say it is an inquiry seeking to establish as far as it is possible, as complete a picture as possible of some of the aspects that fall within the mandate and the mandate period of the Commission. The expectation is that the witness will be sworn in or will take or will affirm, depending on which choice the witness makes. I am pleased to see that the

witness is legally represented. It is a requirement of the Act that the Commission should make sure that the person is legally represented. Just so that the process is smooth and just so that the proceedings carry on in a fair and in a judicial manner.

We will be hoping and expecting that the evidence that the witness will be testifying about, will be given in as a complete and as full a manner, and that the questions will be asked in a fair and appropriate manner, and I am here to make sure that this is so and obviously the legal representative of the witness will raise the necessary objection if it becomes clear that the questions are not fair. But equally, we will expect that the witness will be replying to the questions as fully and as informatively as the process requires.

There are a few ground rules. I am told that tea will be served at half past eleven and that there will be a lunch break at one o'clock. So the time is now five past 10, going for 10 past 10, and we are ready to start. Before we do so I would like the legal representative, Mr Du Plessis to formally place himself on record, as the legal representative of the witness, and then thereafter we will have to swear the witness in. Mr Du Plessis?

MR DU PLESSIS: The name is P J du Plessis of the firm David H Botha Du Plessis & Kruger, Johannesburg, the address being 18th Floor, CCMA Building, C/O Anderson and Ferreira Streets. We have been served with the notice in terms of Section 29. The areas of questioning as set out in points 1 to 5. My client, Mr Abraham van Zyl is ready to answer the

questions regarding those aspects the Commission wants to question him about.

CHAIRPERSON: Thank you very much, Mr Du Plessis. Once again, welcome and welcome also to you, Mr Van Zyl. We will then have to swear you in.

MR DU PLESSIS: Thank you very much.

ABRAHAM VAN ZYL: (Verklaar onder eed).

CHAIRPERSON: There are listening devices which are in front of you. I believe that if you switch to either channel 1 or 2, you will get the appropriate language. There will be a translation from English to Afrikaans and from Afrikaans to English. So you are free, everyone is free to use a language that is most appropriate for themselves or with which they are comfortable. We are ready to begin.

EXAMINATION BY MR KHOISAN: Good morning, Mr Van Zyl.

MNR VAN ZYL: Goeiemôre.

MR KHOISAN: Mr Van Zyl today, as has been pointed out by the Chairman, Mr Ntsebeza, we will deal with certain matters that are under investigation by the Truth Commission. Some of it may have relation to your pending application for amnesty. But that does not necessarily constitute a major portion of what we are going to discuss here today.

Maybe we can begin by asking you as briefly as possible to sketch your background and your career as a policeman, up to the point where you were recruited into and became a functional part of what was then known as the Civil Co-operation Bureau.

MNR VAN ZYL: Seker. Ek het in 1978 gematrikuleer te Tulbagh Hoërskool. Daarna is ek na die Polisie Kollege te Pretoria, waar ek sesmaande opleiding ontvang ek. Vandaar is ek uitgeplaas na uniform-tak te Bramley in Johannesburg. Vandaar het ek gaan werk by die Misdadaasvoorkomingseenheid te Jeppe. Daarna het ek ongeveer 'n maand diens verrig by die onluste-eenheid te Diepkloof, vanwaar ek oorgeplaas is na die speurtak, "staff affairs" te John Vorster Plein.

Ek het my laaste twee jaar bietjie meer as twee jaar in die Suid-Afrikaanse Polisie, destydse Suid-Afrikaans Polisie deurgebring te Brixton Moord en Roof. Ek was as Kommissie-offisier aangestel deur die Staatspresident. Ek is in 1988, Meimaand die diens van die Suid-Afrikaanse Polisie verlaat en het ek diens hervat by die Suid-Afrikaanse Weermag, meer spesifiek die BSB, Burgerlike Samewerkings Buro, wat 'n afdeling is van Spesiale Magte.

MR KHOISAN: Mr Van Zyl, at the time that you were recruited into the Civil Co-operation Bureau, that was May 1988, just prior to being recruited, what was your rank at the Brixton Murder and Robbery?

MNR VAN ZYL: Ek was 'n luitenant.

MR KHOISAN: Okay. Did you work under one Fernand du Toit, also known as Staal Burger?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And what was his position at Brixton Murder and Robbery?

MNR VAN ZYL: Ten tye van my bedanking was mnr Burger, het hy die rang van kolonel beklee en was die eenheidsbevelvoerder van die Moord en Roof te Brixton.

MR KHOISAN: Okay. Is it true that you were second in command of that unit?

MNR VAN ZYL: Nee, ek was omtrent derde in bevel gewees op daardie stadium.

MR KHOISAN: Okay. Now in terms of your specific recruitment into the Civil Co-operation Bureau, can you describe the process, who approached you with the idea of participation in or recruitment through the structure, and who were the persons who conducted the interview from which you were accepted into the structure?

MNR VAN ZYL: Ja, seker. Mnr die Voorsitter, vergun my die geleentheid om net so 'n bietjie van die agtergrond te skets. Hier in 1988 was daar 'n saak wat voor die Hooggeregshof te Johannesburg gedien het, waarin twee eertydse kollegas van my, naamlik Jack le Grange en Van der Merwe op skuldig bevind was aan twee moord klagtes.

Nou die aangeleentheid het, onder andere, aanleiding gegee dat sekere persone vanaf Brixton verplaas moes word. Soos dit nou toe opgeëindig het was ek die laaste persoon wat ook verplaas moes word. Ek was, ek het destyds vir genl Schutte in die verband gaan sien. Aangesien ek absoluut oortuig was dat my verplasing onnodig was. Maar nieeenstaande het hulle daarmee voortgegaan en sou hulle my verplaas as tweede in bevel by die Pietermaritzburg Moord en Roof Afdeling.

Ek was uit die aard van die saak ongelukkig oor die oorplasing, soos dit algemene kennis is, is of sal ek moet sê was Brixton Moord en Roof seker die beste speureenheid in die land, en was dit vir my 'n groot trots om daar te gewerk het en was dit vir my 'n baie groot aanmoediging deur my polisie loopbaan om met goeie werk aan die einde van die dag daar te kon uitkom.

So om dit op te som, was ek ontsteld oor die feit dat ek daarvan verplaas moes word en ek dink die gronde was toe vir my redelik goed gewees om verwerf te kon word na een of ander eenheid. Dit het toe voorgekom dat Staal Burger my toe genader het en meegedeel het dat hy, Chap Maree en Calla Botha reeds 'n onderhoud gehad het met my voormalige bevelvoerder van die BSB, Joe Verster, en dat hulle 'n aanbieding gemaak was om by spesiale magte te gaan werk. Hy het my 'n bietjie agtergrond omtrent Spesiale Magte gegee. Daar was nie veel op daardie stadium nie. En ek het ingestem om 'n ontmoeting met Joe Verster by te woon.

Die eerste ontmoeting het plaasgevind by die Ponti-gebou in Johannesburg. Mnr Verster het my die agtergrond gegee van die struktuur van die BSB, en aan my geskets dat dit 'n deel was van die Spesiale Magte wat verbonde was aan die Suid-Afrikaanse Weermag.

Sy aanbod vanuit - daar was nie, daar was uit die aard van die saak nie pertinent geskets oor wat ons toekomstige werkswyse sal wees nie. Maar sy salarisaanbod en die werksomstandighede in die algemeen het op daardie stadium vir my na 'n groot moontlikheid gelyk. Ek het die

aangeleentheid konsidereer en het, sal ek sê, ongeveer 'n week later 'n tweede ontmoeting met mnr Verster gehad in dieselfde perseel by die Ponti-gebou waartydens ek 'n aansoekvorm voltooi het om dan by die Burgerlike Samewerking Buro aan te sluit.

MR KHOISAN: Now at what stage were you informed that your application had been successful?

MNR VAN ZYL: Dit was met die tweede geval, met die tweede ontmoeting was dit daar vir ons gesê dat ons aansoeke suksesvol sal wees en ons het toe gevolglik die nodige reëlings getref om uit die Suid-Afrikaanse Polisiediens te bedank. Ek kan nie presies onthou hoe lank nadat ek die aansoekvorm voltooi het, het ek uit die Mag uit bedank nie, maar ek sal myself voorstel dat dit etlike dae daarna was.

MR KHOISAN: Okay. And in terms of the conditions of employment, before we get to that - you said that, you sketched that - I would assume that he was a colonel at that time, Col Verster.

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: Sketched the background of the Civil Co-operation Bureau. What in substance did he tell you, what was the very specific information he gave you with regard to this organisation to which you would potentially be recruited?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, daar was nie vir ons enigsins interne inligting omtrent die BSB gegee op daardie stadium nie, behalwe dat vir ons vertel was dat dit 'n afdeling was van die Spesiale Magte. Spesiale Magte was vir my op daardie stadium bekend vanuit

nuusmediakringe en intelligensiekringe, ensovoorts. Ons is eintlik vir die eerste keer, of nie eintlik nie, ons is daadwerklik vir die eerste keer ongeveer omtrent die werksverrigtinge, die doelwitte van die BSB ingelig tydens 'n kursus wat ons bygewoon het op een van die Weermag-plase van buitekant Pretoria.

Dit sal ek sê, mnr die Voorsitter, was omtrent twee maande, ongeveer twee, drie maande nadat ons by die organisasie aangesluit het.

MR KHOISAN: So that would have been in about July 1988, that you attended that course?

MNR VAN ZYL: Baie moontlik in daardie omgewing, ja.

MR KHOISAN: Do you remember where that farm was, where that course was conducted, and what was the duration of that course?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, die plaas is geleë - ek weet nie presies waar die plaas is nie, maar die plaas is geleë ongeveer 50 kilometer op die Pietersburgpad buitekant Pretoria. Die kursus was vanaf Maandag tot Vrydag, met ander woorde dit het vyf dae geduur.

MR KHOISAN: Do you remember who conducted this course, Mr Van Zyl?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, daar was - twee van die persone wat ek pertinent kan onthou, was uit die aard van die saak, die besturende direkteur van BSB, dit is Joe Verster, asook later my koördineerder, Wouter Basson. Daar was ook ander sprekers, maar ongelukkig ken ek nie hulle identiteite nie, soos u wel bewus is, het ons onder skuilname

geopereer. Ek kan nie eers vir u die persone beskryf aan die einde van die dag nie.

MR KHOISAN: Okay, was one Jaco, also known as Theuns Kruger part of this course?

MNR VAN ZYL: Ja, daar was 'n Jaco gewees, ek weet nie of sy korrekte name Theuns Kruger is nie, dit is nie my kennis nie. As ek my korrek daaraan herinner, het Jaco vir ons 'n kursus omtrent die finansies van die BSB aangebied.

MR KHOISAN: Okay. Would Jaco be the same person known as J Black?

MNR VAN ZYL: Ek weet nie, ek dra geen kennis nie.

MR KHOISAN: Do you know if the same person, Theuns Kruger or Jaco had ever had a relationship with - or had ever in one or other instance been connected to Ferdinand Barnard?

MNR VAN ZYL: Ek dra geen kennis daarvan nie, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Do you know if this person Theuns Kruger as ever in prison? Jaco?

MNR VAN ZYL: Ek dra ook geen kennis daarvan nie.

MR KHOISAN: Okay. Okay, now in terms of the substance of this course, besides being told about how the finances operated and the general structures, and in terms of the general structure maybe you could flesh it out for us, but more specifically, were there any practical things that you were taught at that time?

MNR VAN ZYL: Nee, glad nie. Ons het geen praktiese opleiding gedoen nie, as u miskien verwys na skietkuns of enige dergelike tipe van opleiding, geen. Dit was net teoretiese opleiding.

MR KHOISAN: Okay. And in terms of the theoretical training, at that time, was the structure of the CCB put to you?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay. Can you briefly sketch what that structure was, according to what was presented to you at this course, Mr Van Zyl?

MNR VAN ZYL: Ja. Mnr die Voorsitter, ek sal dit met graagte doen. Ek wil ook net graag sê dat ek gee vir u die -ek spel vir u die strukture uit soos wat ek dit verstaan het nadat dit vir ons aangebied is by die kursus. Die struktuur het bestaan uit 'n voorsitter wat 'n generaal was, wat verbonde was of in bevel was van Spesiale Magte. Direk onder die voorsitter het die besturende direkteur geopereer by name van Joe Verster. Dan was daar verskeie streke wat verbonde was aan die BSB, waarvan ons streek, Streek Ses, een was. Elke streek, soos ek dit verstaan het, het sy eie streekbestuurder gehad, met die operateurs wat aan hom moes verslag doen en van wie die opdragte ontvang sou word. Elke sodanige streek het dan ook 'n koördineerder gehad wat aangeleenthede gekoördineer het tussen die streek, hetsy vanaf die streekbestuurder of vanaf die operateurs met die besturende direkteur en ek glo dan ook seker dan met die voorsitter.

MR KHOISAN: Okay. Was it told to you how the region could be structured?

MNR VAN ZYL: Kan u dalk meer spesifiek wees, asseblief?

MR KHOISAN: Did you get specific information on the regions, like region 1, region 2, region 5, region 6, region 7, et cetera?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter. Ek wil dit net beklemtoon dat die BSB-organisasie, omdat dit 'n kovertre organisasie was, was alle inligting wat op enige stadium aan ons verskaf was, op 'n "need to know basis" aan ons verskaf, en ja, daar was vir ons gesê dat daar ander selle en ander streke verbonde was aan die BSB, maar ek het nie geweet presies waar hulle geopereer het nie, en ek het nie geweet die identiteit van enige van sodanige persone nie, en het ook nooit enige sodanige persone ooit ontmoet nie.

MR KHOISAN: Okay. And it was told to you that you would be operating in region 6?

MNR VAN ZYL: Dis korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And region 6, for the record is ...?

MNR VAN ZYL: Dit is binnelands, binne die landsgrense van die RSA, maar daar was ook vir ons gesê dat sekere van ons optredes ten opsigte van die projekte ook buitelandse gemik sal wees.

MR KHOISAN: Okay. At this five-day course did you ever have the opportunity to meet or was this person present, Eddie Webb? I think he was a general at that time?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek het stellig nooit vir genl Webb ontmoet nie. Ek het egter sy voorganger genl Joubert, het ek ontmoet.

MR KHOISAN: So Genl Joubert was at this course?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, hy was nie by die kursus nie.

Ek het hom miskien voor of na die kursus ontmoet, maar dit was slegs by die Ponti-gebou. Ek kan my nie daaraan herinner dat ek hom ooit by die kursus gesien het nie.

MR KHOISAN: Okay. Now Mr Verster, just to get ... (intervention).

MNR VAN ZYL: Van Zyl.

MR KHOISAN: Mr Van Zyl, just to get the structure correct. You had a managing director and then you had a chairman, who at that time, at the time that you were called and inducted into this organisation was Genl, Maj-Genl Joop Joubert?

MNR VAN ZYL: Correct.

MR KHOISAN: Okay. Were you ever told about what the authorising structure was, was there a structure higher than Maj-Genl Joubert, higher than the chairman? I know that at some point you made a statement relevant to the fact that there was a structure that went higher than that, and can you discuss that with this hearing, please?

MNR VAN ZYL: Ja, ek is, mnr die Voorsitter, bewus van die verklaring wat ek gemaak het en die - hoe ek die struktuur geskets het, hoër as genl Joubert op daardie stadium. Daar was aan ons gesê dat ons uit die aard van die saak 'n kovert organisasie is, en dat ons in landsbelang optree, en daar was vir ons genoem dat politici, sekere politici van ons bestaan sou gewees het. Ek sal 'n leuen vertel vandag as ek vir u sê dat die vorige Staatspresident of selfs die Staatspresident voor hom, mnr P W Botha, het

van ons - het beslis van ons kennis gedra. Ek wil egter sê dat gegewe en my ondervinding van hoe die Weermag strukture gewerk het, en ander strukture daaraan verbonde, sal dit vir my 'n baie groot verrassing wees as hulle nie daarvan kennis gedra het nie. So tot hoe 'n mate, indien hulle van ons kennis gedra het, tot hoe 'n mate dit deel was van die eintlike struktuur, dit kan ek ongelukkig nie vir u sê nie. Ek het nooit enige persoon hoër ontmoet in die struktuur as die generaal wat in bevel was van Spesiale Magte nie.

MR KHOISAN: And at this five-day course at this farm, were any course materials given to you, written material? Did you get a package, each of the persons attending this course?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ja, ons het dokumentasie ontvang wat ons deurgewerk het, maar aan die einde van die kursus was elke dokument ingeneem en dit was vernietig gewees lateraan. Ons het geen dokumentasie met ons saamgeneem wat as 'n handleiding vir ons kan dien, vir toekomstige doeleindes nie.

MR KHOISAN: Okay. Now Mr Verster, when you went to this particular course, and let us just go from there. After this course you didn't become operational immediately. Is that correct?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter. Ons was meegedeel deur genl Joubert dat daar 'n ses-maande tydperk moes verstryk nadat ons die diens van die destydse Suid-Afrikaanse Polisie verlaat het, tot voordat ons operasioneel kon begin raak. Die rede daarvoor was dat daar 'n soort van 'n etiese kode bestaan het tussen die Weermag en die SAP, dat

wanneer lede van die een organisasie na die ander verwerf word, dat daar 'n tipe van 'n rusperiode toegelaat word.

MR KHOISAN: Okay. And during this rest period, the six months rest period did you receive the full salary?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: What was your salary, Mr Van Zyl?

MNR VAN ZYL: As ek dit nie mis het nie, was dit hier in die omgewing van R3 500,00 per maand.

CHAIRPERSON: Mr Khoisan, please this is Mr Verster.

MR KHOISAN: Ja, Mr Van Zyl.

CHAIRPERSON: I know you had a very engaging experience with Mr Verster. The record is going to continue showing that this is Mr Verster, whereas this is Mr Van Zyl.

MR KHOISAN: Okay, Mr Van Zyl.

CHAIRPERSON: Please.

MR KHOISAN: Mr Van Zyl, what was your salary?

MNR VAN ZYL: Ongeveer R3 500,00 per maand.

MR KHOISAN: Now at that time, at the time that you ended your career in the Police Force, you also had, I would assume, Mr Van Zyl, a package, you were given a package. Did you get a ...

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek het nie 'n pakket gekry nie.

Al wat ek uitgekry het, op daardie stadium het daar nie, was daar nie pakkette en goed aangebied in die Polisiemag nie. Ek het 10 jaar diens

gehad, amper 10 jaar, ongeveer nege jaar en omtrent ses maande, en ek het net die pensioengeld uitgekry wat in die omgewing was van R8 000,00.

MR KHOISAN: Okay. Now Mr Van Zyl, continuing out of that, after this six months rest period, that puts us in January 1989 when I would assume you became fully operational. Right?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay. Just for the record, you spoke to us about the fact that the regions were organised in terms of cells. Was it told to you that you would handle a specific section of region 6, which is inside the country?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek het verstaan dat ons op daardie stadium die enigste sel was binne-in seksie 6. Ek glo as gevolg van geheimhoudings, mag daar moontlik meer selle gewees het in seksie 6. Ek dra ongelukkig nie daarvan kennis nie.

MR KHOISAN: Okay. Mr Van Zyl, your cell was constituted of which members?

MNR VAN ZYL: Dit was myself, Calla Botha, Chap Maree en die streekbestuurder, Staal Burger.

MR KHOISAN: Okay. The co-ordinator for region 6 as well as the broad co-ordinator of the CCB would be one Wouter Basson, alias Christo Britz. Is that correct?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek ken wel vir Wouter Basson, hy was ons koördineerder in distrik ses. Ek is

21.08.97.

MR KHOISAN

16

A VAN ZYL

ongelukkig nie op hoogte daarvan of hy koördineerder was vir enige ander streek nie.

MR KHOISAN: Okay. Now Mr Van Zyl, how did you become operational? What was the cue to you that your period of cooling-off or of rest and transition had ended and that now you would become a functional member of this covert structure known as CCB?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, daar was aan ons gesê dat ons vanaf Januarie 1989 operasioneel kon word. En ons het gevolglik fisies en geestelik voorberei om met ons take te kon begin in Januarie 1989.

MR KHOISAN: Okay. Now where was the - the way the CCB were structured and correct me if I am wrong, is that every region had to have an arms cache or army caches which could be used for the benefit of the purposes who were members of that structure. What was the location of the arms cache or arms caches in region 6?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ons het nie 'n "arms caches" gehad nie, dit is ook nooit op enige stadium aan ons uitgespel dat ons ons eie vuurwapens of enige ander toerusting wat ons mag benodig het, in enige operasie onself kon aanskaf en self kon stoor nie. Die korrekte prosedure was dat daar was 'n liggaam bekend as EMLC. Ek is nie presies seker waarvoor dit staan nie, maar dit was, soos ek dit verstaan het, 'n afdeling van die Weermag wat toerusting soos wat dit benodig sou word deur ons struktuur, aan ons moet verskaf word.

MR KHOISAN: Did you know the EMLC liaison person?

MNR VAN ZYL: Nee, ek het nooit enige van daardie persone ontmoet nie.

MR KHOISAN: Now the way the CCV operated and correct me if I am wrong, Mr Van Zyl, is that you would be receiving weapons. Where did you - where did you, were you issues with firearms?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsiter, ons was, ek was wel op 'n stadium van 'n vuurwapen voorsien, wat vir 'n spesifieke projek bedoel was. As u praat van of ons voorsien was van privaat vuurwapens en ons as glad nie voorsien van privaat vuurwapens nie. Ons het wel goed gedink, nadat ons by die BSB aangesluit het, omdat ons nie een privaat vuurwapen gehad het nie, om sodanige wapens aan te koop. Ons het dit privaat aangekoop en ons het self daarvoor betaal en ek is nog steeds in besit van daardie spesifieke vuurwapens.

MR KHOISAN: Okay. Just so that we don't waste time later. You said that you were issued with a weapon for a specific project. Which project was that?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, dit was die projek wat geregistreer was op mnr Dullah Omar.

MR KHOISAN: Just for the record, that is the same weapon that you gave one Edward Peaches James Gordon?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Where is that weapon now, Mr Van Zyl?

MNR VAN ZYL: Ek weet nie, mnr die Voorsitter, maar die instruksies aan Gordon was toe ons die projek afgelas het om die wapen te vernietig. Ons het dit nie teruggeneem nie.

MR KHOISAN: Okay. So let's proceed. You were part of region 6. Was there a specific project that you were given charge of?

MR KHOISAN: Ja, mnr die Voorsitter, elke persoon - miskien moet ek daar begin, dat ons het byvoorbeeld 'n opdrag gekry. Elke persoon binne-in Streek Ses, as ek nou verwys na myself, Calla en Chap, ons was die drie operateurs van Streek Ses, en Staal Burger sou vir argumentsonthalwe na my toe kom en vir my vra om inligting vir hom in te win ten opsigte van 'n spesifieke persoon. Dan sal hy weer na Chap Maree toe gaan en vir hom vra om inligting te bekom ten opsigte van ander persone. Die struktuur het so gewerk dat Chap nie moes kennis dra van my projekte nie, en ek nie moet kennis dra van Chap se projekte nie. Nou ons het uit die aard van die saak dan met verloop van tyd, vir ons 'n inligtingsbasis opgebou, deur middel van nie-direkte lede. Met ander woorde lede wat verbonde was aan die buitekring. Dit is nou persone soos Peaches Edward Gordon. En ek sal nie sê dat ons daarna verwys as 'n mens inligting inwin, daarna verwys as 'n projek nie. Ek wil graag dit vir u sê dat 'n projek is wanneer daar 'n spesifieke goedkeuring verleen is om 'n aksie teen 'n spesifieke individu of 'n organisasie te verrig.

MR KHOISAN: Okay. Mr Van Zyl, just to understand it correctly, you had people who were aware and people were unaware members of this Civil Co-operation Bureau. Is that correct?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: And you would be an aware member.

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: In that you had been properly inducted and informed of a range of issues.

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter. Ek was terdeë daarvan bewus dat as 'n lid van die binnekring, was ek terdeë daarvan bewus van wie my werkgewer was, naamlik die Suid-Afrikaanse Weermag, vanwaar ek my salaris verdien het, asook wat die doelwitte was. In die geval van 'n indirekte lid, daardie persoon het nie geweet, was nie veronderstel om my identiteit te ken in die eerste plek nie. Hy was ook nie veronderstel om te weet vir wie hy werk aan die einde van die dag nie, of wie hom enigsins gaan vergoed vir watter dade hy ook al moes verrig nie.

MR KHOISAN: Okay. Now in terms of the way the thing were structured, you were an aware member and you were involved in various projects. Before we get to Calla Botha and all of these other people, we are talking about you, Mr Van Zyl and I don't want to get the record wrong. Mr Van Zyl, you were an aware member and so would you have been associated with Project Goldie?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Would you have been associattd with Project Choice?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, Projek Choice was die projeknaam wat gegee was vir Streek Ses. Met ander woorde, die sel waarin, wat

bestaan het uit myself, Staal Burger, Chap Maree en Calla Botha. En dan het elke lid van daardie sel weer 'n projeknaam op my eie gehad, waarvan my projeknaam was Goldie.

MR KHOISAN: No, we will get to that, that was the, just for the record, Project Choice was the project which involved the employment of people in region 6, among other things.

MNR VAN ZYL: Ek glo so, ja.

MR KHOISAN: Okay. Now besides Project Goldie, are you aware of Project Bliss?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay. Now what is the Matthysen Bus Company?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, wat eintlik gebeur het. Daar was, Staal Burger was baie goed bevriend met die destydse besturende direkteur van Matthysen Busvervoer. Dit is totaal 'n privaat maatskappy. Hulle was skoolvriende, hulle as saam lede van die Mag, ek dink hulle was destyds gestasioneer te Mondeor, as ek dit nie verkeerd het nie. En dit is 'n totale - dit was 'n totale privaat besigheid. Ons het egter, nadat ons die diens van die Suid-Afrikaanse Polisie verlaat het, om vir onself 'n dekking te kon gee, is ons na Matthysen Busvervoer, waar ons van wie se perseel ons af gewerk het, sodat ons die indruk kon skep dat ons eintlik verbonde was, as privaat individue, aan Matthysen Busvervoerdienste. Ek wil dit beklemtoon dat ek het nooit enige van my projekte hoegenaamd, enigiets van my betrokkenheid by die Weermag aan mnr Matthysen, Chris Matthysen, genoem nie. Ek wil dit ook beklemtoon dat Matthysen

Busdiens nie 'n kovertte of 'n dekkingsorganisasie vir die Weermag was nie, of 'n front organisasie nie.

MR KHOISAN: Did you ever in any statement either infer or state specifically that this was some kind of a front for the SADF?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, ek het, maar soos wat ek dit nou vir u verduidelik het, is dat dit wat ek wou interpreteer op daardie stadium, was dat Matthysen Busvervoer wel 'n front organisasie was vir myself en vir Staal en vir Calla en vir Chap, maar nie 'n front organisasie was vir die Weermag self nie.

MR KHOISAN: Okay. Very well, Mr Van Zyl. Now this Matthysen Bus Company, it was used as a way to besides providing a way in which you can have a legend for your deeper work, for your more covert work.

MNR VAN ZYL: Ja.

MR KHOISAN: It was also a mechanism through which you could deposit money.

MNR VAN ZYL: Kan u dalk meer spesifiek wees?

MR KHOISAN: Did you - did you personally or do you have any knowledge of anybody at any time who was connected to the structure, the firm known as the Civil Co-operation Bureau, ever deposit money or have knowledge of people depositing money into the account of the Matthysen Bus Company?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, nee, ek dink daar is miskien een aangeleentheid waarna ek kan verwys. Ons het geld ontvang, meer spesifiek myself, 'n bedrag van

R30 000,00 wat ek moes aanwend om vir myself 'n voertuig in die hande te kry. Nou om ons dekking by Matthysen Busvervoer geloofwaardig te laat lyk het, het - was die kontantgeld deur Staal aan Matthysen gegee. Wat hy vir hom gesê en hoe hulle dit gereël het, ek was nie daarby betrokke nie. En Matthysen het dan met ander woorde, die voertuig vir ons aangekoop met 'n maatskappytjek. Dit was maar net om vir ons geloofwaardigheid te gee, maar mnr die Voorsitter, ek dra van geen ander gelde kennis wat deur Matthysen Busvervoer na ons toe gekom het of na enige ander struktuur van die BSB nie.

MR KHOISAN: Okay. So that was your cover, your legend as such?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay. Now besides Project Goldie, is there any other project that you personally have knowledge of or were part of or who have been connected to?

MNR VAN ZYL: Geen, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay. Now for the purposes of having a candid discussion here, in this investigative interview, can you sketch some of the elements which involved the catch-all of Project Goldie, which is your project.

MNR VAN ZYL: Ek verstaan nie u vraag nie, herhaal dit vir my, asseblief.

MNR VAN ZYL: Okay, let me put it to you this way. The attempt to kill the then Adv Dullah Omar, or the current Minister of Justice, Dullah Omar was under the umbrella of Operation Goldie.

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: The hanging of a foetus in front of the house or on the premises of Archbishop Tutu, would have been under the umbrella of Operation Goldie.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, nee, ek weet nie, dit was nie my projek gewees nie. Ek meen, ek wil net graag weer eens vir u die scenario skets, wanneer 'n mens praat van 'n projek. Ek interpreteer en ek beklemtoon dat dit my eie persoonlike interpretasie is, soos wat ek my opleiding verstaan het, en soos wat ek die sisteem verstaan het. Dat wanneer daar gepraat word van 'n projek, dan moes ek met ander woorde, 'n voorstudie gedoen het. Dan moes ek 'n skriftelike aanbieding gedoen het aan my streekbestuurder. Op 'n latere stadium is 'n mondelingse en skriftelike aanbieding gedoen aan die besturende direkteur. En dat die besturende direkteur dit dan sou aangebied het aan die voorsitter. Dit is hoe ek 'n projek sien. Ja, ek sê ek was wel betrokke by die aapfetis insident, maar ek kan nie vir u sê of dit 'n - dit was nie 'n projek van Goldie gewees nie. Ek het nooit 'n skriftelike aanbieding gedoen wat ek nou vir u kan sê dit was die doel van daardie projek en daar was vir my fondse beskikbaar gestel uit Projek Goldie uit nie. Dit was net 'n gewone opdrag.

MR KHOISAN: Would that have been Project Apie?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, dit was maar sommer net - ons het dit net genoem sommer Projek Apie grappenderwys, dit was nie 'n - daar was nooit - die ophang van die fetus, vir argumentsonthalwe, in die

jaard van mnr Desmond Tutu, was nie 'n geregisteerde projek van Projek Goldie nie. In ander woorde een van my projekte nie. Dit was dood eenvoudig net 'n opdrag wat ek gekry het wat daar vir my gesê was "vat hierdie fetus en gaan doen dit daarmee".

MR KHOISAN: And the Early Learning Centre bombing would have been under the auspices of ... (tussenbeide).

MNR VAN ZYL: Projek Goldie, ja, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: ... Project Goldie.

MNR VAN ZYL: Ja, korrek.

MR KHOISAN: And which other operations would have fallen under the umbrella, and considering the fact that here we are trying to get as much information as possible, because we are going to put it to you later on about amounts of moneys that were released in respect of this project, so maybe we can go through a list of incidents that may have been connected to Project Goldie, besides those that have come out in the courts or in the newspapers and so on.

MNR VAN ZYL: Ja. Nee, kyk, mnr die Voorsitter, as ek vir u kan verwys na my eintlike amnestie-aansoek. Daar deel ek wel met die volgende gevalle. Die eerste een is die Evans-geval. Die tweede een is die Omar-geval, die derde ene is die aapfetus en die vierde een is die Early Learning Centre-geval. Nou vir doeleindes van Projek Goldie, was ook die Evans-aangeleentheid nie my spesifieke projek nie. Mnr die Voorsitter, ek het nie 'n aanbieding gedoen op die - oor hoe mnr Evans geïlimineer moes word nie. Dit was 'n projek wat deur Chap Maree moes

gehanteer geword het, onder sy projeknaam. Ek was dood eenvoudig 'n opdrag gegee om van my buitekringpersoneel betrokke te kry om die projek tot uitvoering te bring. Ek hoop u verstaan my - hoe ek dit vir u probeer verduidelik. As ek kyk na die Omar-geval was dit my projek; die uitgawes wat aangegaan moes word, het uit Projek Goldie uitgekom. As ek kyk na die Early Learning Centre-geval was dit my projek en die uitgawes het uit my - uit Projek Goldie gekom. As ek kyk na die apiegeval, was dit nie my projek nie. Ek weet nie wie s'n dit was nie. Ek was bloot eenvoudig net gevra om 'n sekere handeling te verrig, maar dit mag seker wees dat daar geld uit my projek uitgetrek was, sonder my wete of selfs met my wete. Ek kan dit nie vir u sê nie. U kan my maar daar lei in dié verband.

MR KHOISAN: Okay. Let me put it to you that there was a burning down of a printing press in Hinds Road in Athlone.

MNR VAN ZYL: Dis korrek.

MR KHOISAN: And that would also have been under the auspices of Project Goldie.

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And that's what I am trying to get to, I am trying to assist you, as it were, Mr Van Zyl, to try to assist the Commission to talk about those incidents that are sort of just there that don't appear as such in your application for amnesty or haven't been part of discussion in the Press or stuff like that. This is an in-house, shall I say an **in camera** matter here. We are trying to, for the purposes of broader investigation

and you are protected as such. We need your assistance, your help as such. Now this is the issue of the Esquire Press, it is something that the press - the press on Hinds Road in Athlone, is something that we have found out as a result of investigations, and it would be easier for us if you could maybe develop this thing, because Goldie wasn't just happening in the Western Cape, if I am correct. Right?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, nee, ek verstaan totaal die verrigtinge hier, en wat daar van my verwag word. Die enigste rede, of daar - die enigste rede hoekom die geval van die afbrand van die drukkerij asook die uitbrand van 'n mikrobussie nie in my amnestie-aansoek verskyn nie, is omdat ja, ek erken ek het sulke aanbiedinge gemaak onder die naam van Goldie, maar ek was bedrieg deur my buitekringpersoneel, wat ek gebruik het, aangesien ek vandag nog nie eers weet of die drukkerij werklik waar bestaan het nie. Dit is in die eerste plek. Die tweede punt ten opsigte van die drukkerij is dat dit is my uitdruklike inligting dat daar nooit enige poging aangewend was deur my onbewustelike lede om die plek te gaan afbrand nie, en dan nodeloos om te sê dat dit wel nooit gebeur het nie.

Ten opsigte van die mikrobus, was ek totaal en al bedrieg deur 'n ene Ismail wat een van my agente was, asook deur Gordon Peaches, en volgens my kennis het die bussie dan nooit bestaan nie, en is daar dan ook nooit so 'n bussie uitgebrand nie. En op instruksie van my regsman het ek dan in terme van die Wet nie vir daardie twee gevalle aansoek gedoen om vrywaring nie. Maar u is welkom om vir my enige vrae daaromtrent te vra.

MR KHOISAN: I am just trying just to set a foundation here, Mr Van Zyl. Mr Van Zyl, now the burning of the buses and during the elections in Namibia, and the - shall I say the attempt to disrupt the Namibian elections, that also came out of the Goldie budget, isn't that correct?

MR DU PLESSIS OBJECTS: Yes, Mr Chairman, at this stage I must intervene here and object to this line of questioning. We were issued with a notice in terms of Section 29, where nothing of what Mr Khoisan is now asking about, is actually mentioned. Now we don't have any problem. Mr Khoisan, before the session, informed me that he was also going to do a broader questioning on and about the amnesty application of Mr Van Zyl, which we are obviously prepared on in the sense that we did prepare the amnesty application on his instructions. So we are prepared to answer questions about that, but I would at this stage, ask Mr Khoisan through you, Mr Chairman, to limit the questioning to the amnesty application and surrounding factors, as well as point 1 to 5 in the Section 29 notice, and to limit the questioning to that and not to question about matters regarding alleged incidents which took place in foreign countries, including Namibia. So those are my instructions at this stage.

MR KHOISAN: Can I reply to that, Mr Chairman?

CHAIRPERSON: Mr Khoisan?

MR KHOISAN: Yes, in terms of this particular matter that I just raised with Mr Van Zyl. I raised it in terms of the fact that Mr Van Zyl is called to answer questions in relation to his connections to known and nefarious

gangsters in the Cape Town and in the Western Cape area. Is that matter as part of the reason why he is being called here? The gangsters?

MR DU PLESSIS: Yes, Mr Chairman, it reads, point number 1

"Recruitment and tasking of Edward Peaches
Gordon and other known gangsters on the Cape
Flats."

We are willing to answer questions relating to the recruitment of these people. So perhaps Mr Van Zyl could firstly be asked to address the Commission on that matter and I will later on indicate how far we are willing at this stage to answer questions about his tasking as such.

MR KHOISAN: Mr Du Plessis, I am not, we are going to deal with the recruitment. I am talking about a list of incidents. Right now we are talking about Project Goldie and what are some of the incidents or acts which ensue out of that project and the use of the funds from that project, and as Mr Van Zyl well knows he also had recruited Iska Kardien. And I just raise that as one of the examples of incidents or acts which ensue out of and under the auspices or the umbrella of Operation Goldie, and I am just asking him to confirm it, whether any acts like that occurred under the budget of Operation Goldie.

MR DU PLESSIS: Yes, Mr Chairman, I think I must indicate and if necessary to address you on that we will do that. We will answer any questions relating to any alleged incidents which too place within the borders of the Republic of South Africa. I think I must make that clear.

CHAIRPERSON: Yes. Now do I understand your objection, Mr Du Plessis, to be that your instructions are that any questions relating to occurrences outside the borders of South Africa, would be reserved by your client?

MR DU PLESSIS: Yes, Mr Chairman, unfortunately that has to be our line and our attitude, because of the fact that it is common knowledge that the Commission cannot give amnesty to any person regarding any incidents which took place in a foreign country, such incidents, such amnesty or even if it could be given, would not be binding on any foreign country. And my instructions are unfortunately to take this line and if necessary, to have it contested in the High Court. I can address you more fully on this, if necessary at this stage or at a later stage.

CHAIRPERSON: Okay. Maybe we need to deal with this matter at this stage even, and is that the only basis?

MR DU PLESSIS: Well, Mr Chairman, yes. Let me just refer to the Act. I am fully aware of the fact that the Act as such empowers this Commission in terms of the heading of the Act itself, to - and I quote here

-
"Investigation and the establishment of as complete a picture as possible, of the nature, causes and extent of gross violations of human rights committed during the period from the 1st of March 1960 to the cut-off date

contemplated in the Constitution, within and outside the Republic."

I am aware of that.

But firstly, Mr Chairman, it will have to be indicated that it will have to refer to gross violations of human rights; such incidents obviously will have then to be established first also by the investigating team, as being a gross violation of human rights.

Secondly, then Mr Chairman, I will then refer to the Act itself. As I have said the basis or one of the grounds then will be that in terms of decisions of the Commission itself, it was said that any acts committed outside the Republic, the Commission will not be able to give amnesty for. So we have to take that into consideration.

Secondly, I think it is trite law that this Commission will not be able to bind any authority in any foreign country to its granting of amnesty to any individual. So that, and my client will obviously be prejudiced as far as that is concerned.

I am aware of the fact that in terms of the Act, that is Section 31(3) that no incriminating answer or information obtained from Mr Van Zyl then here today can be used against him in any court of law, except for certain exceptions which obviously are not important here now. But once again, whatever he says here can be disclosed by the Commission, without his permission obviously, although he has to be notified of it, but that can be disclosed.

Our submission is that if that is the position, if he can be disclosed, and in view of the fact that any foreign country cannot be bound by any decision of this Commission, that obviously he will be entitled and especially, in view of the fact that for an incident like the one mentioned by Mr Khoisan, Mr Van Zyl has not applied for amnesty, and that the foreign country can then not be bound by any decision of this Commission and that even by the mere disclosure of evidence which he cannot stop, unless obviously he gets an interdict from the Supreme Court or High Court.

In view of that factor he can be severely prejudiced, and therefore, he would be entitled, in my submission, to claim privilege against disclosure of incriminating evidence.

MR KHOISAN: To Cape Town and handed over to ...?

MNR VAN ZYL: To Peaches op die lughawe.

MR KHOISAN: To Peaches at the airport?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: And then the instruction was to go and put that in - to do what with the powder?

MNR VAN ZYL: Hy moes die poeier op 'n manier oor die kos van adv Omar uitstrooi.

MR KHOISAN: Okay. And do you know what happened with that?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, dit was na ongeveer 'n week het daar weer niks gematerialiseer nie, en dit was hier in Septembermaand terwyl ek met verlof was, dit was in 'n tydperk toe daar vir ons gesê was dat alle projekte nou gestaak is, pas nadat mnr FW de Klerk die nuwe destydse Staatspresident geword het. En ek het toe vir Edward Gordon geskakel vanaf Richardsbaai waar ek toe met verlof was en vir hom opdrag gegee of versoek om die poeier sowel as die vuurwapen, die Makorov-pistool te vernietig. Wat hy daarmee gedoen het aan die einde van die dag weet ek nie. Ek het sy beriggewing laat vaar.

MR KHOISAN: Okay. Now at which stage did Mr Gordon introduce you to or did you liaise with Neville Herold, alias Jackie Lonty?

MNR VAN ZYL: Ek het nooit 'n Jacke Lonty ontmoet nie. Ek weet nie wie dit is nie.

MR KHOISAN: Did Mr Gordon ever introduce you to a man from the Americans Gang, in Cape Town?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, die enigste persone aan wie hy my voorgestel het was, wat ek kan onthou, is Isgak, Gakkie Herdien en dan 'n Ismail persoon, ek kan ook nie eers meer sy van onthou nie.

MR KHOISAN: And Clive Petersen and Irvin Meyer?

MNR VAN ZYL: Nee, meneer, nog nooit van hulle gehoor nie.

MR KHOISAN: Okay. Now let's go through Peaches Gordon. So he was tasked to do the Dullah Omar thing and the collection on Jay Naidoo. Did you use him to do collection on any other person?

MNR VAN ZYL: Dit mag wees, ek meen in die algemeen, was een van sy funksies om inligting te versamel ten opsigte van persone verbode aan verbode organisasies op daardie stadium of soos die ANC en UDF.

MR KHOISAN: And what was the regularity of his reports?

MNR VAN ZYL: Nie baie insiggewend gewees nie.

MR KHOISAN: How regular, how many times did he report to you?

MNR VAN ZYL: Ag, dis moeilik om te herinner. Ek het gereeld met hom kontak gehou, ek kan miskien so een keer in 14 dae die tipe van geval.

MR KHOISAN: And you contacted him at his home?

MNR VAN ZYL: Of hy het my op my "pager" kontak.

MR KHOISAN: Did you ever speak to his mother?

MNR VAN ZYL: Dit mag wees, ja. Dit mag wees.

MR KHOISAN: Okay. Now after this man came from the Harmse Commission, it ended up that he died.

MNR VAN ZYL: Dis korrek.

MR KHOISAN: Are you aware of the circumstances in which this man died?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, nee, ek was nie, maar ek het wel navraag gedoen, omdat daar vingers na my gewys is deur sekere persone dit onomwonde gestel het dat hulle verdink dit dat ek by sy moord betrokke was. Ek het toe wel my inligting na sy moord, wat ek bekom het vanaf SAP-kanale, was dat dit 'n bendebedrywigheid was en dat die aangeleentheid deur Moord en Roof Kaapstad ondersoek word, en dat daar skynbaar verdagtes geïdentifiseer is en dat daar beëdigde verklarings in die verband bestaan oor die identiteit van persone wat moontlik daar vir sy dood verantwoordelik kan wees. Dit is al wat ek weet. Ek het ook verneem dat die bende Americans, spesifiek by name Jackie Lonty, in alle waarskynlikheid vir sy dood verantwoordelik was.

MR KHOISAN: And you don't know this person named as Jackie Lonty?

MNR VAN ZYL: Ek het hom nog nooit ontmoet nie.

MR KHOISAN: And he has never met you either?

MNR VAN ZYL: Nog nooit.

MR KHOISAN: You never saw him at the airport on any occasion?

MNR VAN ZYL: Nooit.

MR KHOISAN: Or anywhere else?

MNR VAN ZYL: Nog nooit nie.

MR KHOISAN: Mr Van Zyl, did you contact Peaches just before - at any time just before he died, after he came from the Harmse Commission?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, die laaste keer wat ek met Peaches geskakel het was toe ek vir hom versoek het om die wapen en die poeier te vernietig en dit is dan in Septembermaand 1989. Ek het hom nog nooit weer - die eerste keer wat ek vir Peaches daarna gesien het, en ek het nie met hom gepraat nie, was tydens my artikel 29 aanhouding by Secunda, toe hy my uitgewys het as Theunis de Wet, tydens 'n informele uitkenningsparade. Daarna het ek hom nog nooit weer gesien nie.

MR KHOISAN: So you don't know what happened to that weapon?

MNR VAN ZYL: Nee, meneer.

MR KHOISAN: You never got it back from him?

MNR VAN ZYL: Nee.

MR KHOISAN: If I put it to you that that weapon is still in circulation, would that be reasonably accurate?

MNR VAN ZYL: Ek kan dit nie ontken nie. Ek dink dit is baie moontlik.

MR KHOISAN: Now the person of Igsak Herdien was introduced to you by one Peaches Gordon. Is that correct?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And under which circumstances did you meet Igsak Herdien?

MNR VAN ZYL: Peaches het aan my genoem dat hy vir Igsak Herdien aan my wil voorstel. Hy het vir my die besonderhede van hom gegee. Ek het hom gekontak en 'n afspraak met hom gemaak en hom in 'n hotelkamer ontmoet.

MNR PETERSEN: Sê vir my, mnr Van Zyl, het u aan hom verduidelik waarom die BSB gaan of wat het u aan hom verduidelik in die hotelkamer?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek het op geen stadium aan hom verduidelik waarom die BSB gaan nie. Hy het dieselfde storie van my gekry as wat ek vir Peaches Gordon gegee het, uit die aard van die saak.

MNR PETERSEN: Sê my, het u enige geld aan hom gegee op daardie betrokke dag?

MNR VAN ZYL: Dit mag wel so wees.

MNR PETERSEN: Vir watter rede was dit?

MNR VAN ZYL: Dit is maar net om 'n persoon te motiveer om aan die einde van die dag gewerf te kan word.

MNR PETERSEN: Sê my, hoe lank na die eerste afspraak het u weer met hom in verbinding getree?

MNR VAN ZYL: Moeilik om te sê maar dit kan miskien etlike dae daarna gewees het, of miskien 'n week of twee daarna. Ek kan nie presies onthou nie.

MNR PETERSEN: En toe u weer met hom in verbinding tree, het u hom uitgenooi om u weer te sien of wanneer het die twee van u weer met mekaar kontak maak?

MNR VAN ZYL: Daar was ontmoetings gewees tussen my en Gakkie, nadat ek hom verwerf het. Van die ontmoetings was in Kaapstad en van die ontmoetings was in Johannesburg gewees. Ek kan nie vir u presies sê watter datums die ontmoetings plaasgevind het nie.

MNR PETERSEN: En wat was die idee van die ontmoetings?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, dit was om vir Igsak spesifieke opdragte te gee, om of spesifieke inligting in te win of om hom spesifieke opdragte te gee om spesifieke take te verrig.

MNR PETERSEN: Sê my die gelde, het u enige geld aan hom betaal toe hy afkom Johannesburg toe?

MNR VAN ZYL: Mag wees, ja.

MNR PETERSEN: En daar was geen rede vir die geld wat u aan hom betaal het nie? Hy het geen instruksies uitgevoer binne-in Johannesburg nie?

MNR VAN ZYL: Nee, Gakkie het vir my geen, geen instruksies in Johannesburg uitgerig nie, nee. Nou die rede hoekom daar vir die persone geld gegee was, was maar net om - dit was 'n tipe van 'n wortel voor die neus, as u my uitdrukking so sal verstaan.

MNR PETERSEN: Okay. Sê my, wanneer het u begin om vir hom instruksies te gee om dinge vir die BSB uit te voer?

MNR VAN ZYL: Sy eerste taking was in Augustus, Augustus 1989.

MNR PETERSEN: Wat was die taking?

MNR VAN ZYL: Dit is ongelukkig, mnr die Voorsitter, 'n buitelandse aangeleentheid en waaroor ek met respek, onder die omstandighede nie nou van wil praat nie. En sy tweede taking was dan die Early Learning Centre projek.

MNR PETERSEN: Is u seker dit was sy tweede taak?

MNR VAN ZYL: Dit kan miskien omgedraai wees ook.

MNR PETERSEN: Tydens die Early Learning Centre, het u vir Peters ook getaak met dieselfde?

MNR VAN ZYL: Nee, glad nie.

MNR PETERSEN: So hulle twee was apart, u het nooit met hulle twee self saamgeskakel nie?

MNR VAN ZYL: Nee, inteendeel. Peaches wou by my op 'n stadium geweet het of ek vir Igsak gewerf het, en ek het vir hom gesê nee.

MNR PETERSEN: So hulle het nie, basies nie kennis gedra dat ...

MNR VAN ZYL: Dat ek met beide van hulle skakel nie, nee. Tensy hulle agter my rug met mekaar gekonkel het, wat ek nie geweet het van nie.

MNR PETERSEN: Sê my hoe lank voor die Early Learning Centre het u min of meer met hom, vir hom ingelig waarom dit gaan ensovoorts?

MNR VAN ZYL: Hoe bedoel u waarom dit gaan?

MNR PETERSEN: Het u, toe hy in Johannesburg was, het u vir hom gesê dat die rede waarom u vir hom getaak het, is - het u hom al daai tyd

ingelig oor die Early Learning Centre of wanneer het u vir hom ingelig daarvan?

MNR VAN ZYL: Nee, die Early Learning Centre aangeleentheid, mnr die Voorsitter, was inligting wat Igsak aan my gegee het. Dit is inligting wat hyself bekom het, hy het vir my gesê dat daar 'n saal was in Kewtown by die Early Learning Centre wat gebruik was deur verbode organisasies en die persone vir redes wat ek dalk vir u later kan noem, en dit is op sy inligting wat ek eventueel 'n voorstudie gemaak het en aan die einde van die dag 'n aanbieding gedoen het.

MNR PETERSEN: Sê vir my, die landmyn wat gebruik was, hoe het dit, hoe het u dit gebring, per motor?

MNR VAN ZYL: Per motor.

MNR PETERSEN: So dit was nie oorgevlieg nie?

MNR VAN ZYL: Nee, glad nie.

MNR PETERSEN: Maar u het teruggevlieg?

MNR VAN ZYL: Ek het teruggevlieg, korrek.

MNR PETERSEN: U het u voertuig hier gelos?

MNR VAN ZYL: Ja, want ek het die volgende aand, het ek weer teruggekeer. Dit was, die voorval was op die 31ste Augustus, en ek het op die 1ste September, het ek met verlof gegaan en toe het ek en my vrou weer teruggevlieg, toe is my motor op die lughawe. So dit is hoe dit gewerk het.

MNR PETERSEN: Sê my het u op enige stadium 'n voertuig aan hom gegee?

MNR VAN ZYL: Op geen stadium nie.

MNR PETERSEN: So u het nooit 'n voertuig aan hom gegee vanaf u nie?

MNR VAN ZYL: Nee, nooit nie.

MNR PETERSEN: Dankie. Okay. In terme van die Early Learning Centre insident, wie was betrokke by die beplanning met die in-huis waar hierdie insident bespreek was?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, dit was myself, Wouter Basson, Staal Burger en Joe Verster.

MNR PETERSEN: Okay. En wat was die posisie?

MNR VAN ZYL: Hoe bedoel u wat was die posisie?

MR KHOISAN: In terme van die beplanning - in terms of the planning? The decision was to bomb the Early Learning Centre?

MNR VAN ZYL: Die besluit was en die opdrag was om die bymekaarkomplek, die saal binne-in die Early Learning Centre totaal te verwoes.

MR KHOISAN: Okay. And can you tell me where that, the limpet mine that was used in that incident, came from?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, die spesifieke myn het ek ontvang vanaf die koördineerder, Christo Britz, tydens 'n selontmoeting toe daar aan my meegedeel was dat die projek op die Early Learning Centre goedgekeur was.

MR KHOISAN: Okay. And so you are saying that Christo Britz brought that limpet to the meeting?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay. And who was also going to be used in that operation, is what, Calla Botha?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek. Mnr die Voorsitter, sy betrokkenheid het basies gekom omdat hy 'n ploffstofdeskundige is, en dat ek nog nooit met ploffstof gewerk het nie. Ek het om daardie rede vir Staal versoek dat 'n persoon soos Calla my moet vergesel omdat ek uit die aard van die saak nie gemaklik was in die hantering van ploffstof nie.

MR KHOISAN: Okay. So what was the plan; the plan was to have this limpet and it would be detonated how?

MNR VAN ZYL: Die "limpet" sou afstandbeheer gedetoneer geword het.

MR KHOISAN: Okay. And that Deon Calitz, alias Calla Botha would handle that part of it? Is that correct?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter, in die sin van die woord dat hy het - u sien daar was 'n onsteker wat binne-in die "limpet"-myn moes ingedraai gewees het. En ek meen, ek kon dit ook gedoen het, maar ek het verkies dat hy dit moet doen aangesien hy die nodige ploffstof kennis gehad het, en ek meen, omdat enige fout absoluut fataal sou gewees het.

MR KHOISAN: Okay. And in terms of this particular thing, was it ever given, was there ever any consideration given to the fact that this was in fact a community centre, which lots of people used during the day and night?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, daar was baie konsiderasie daaraan gegee en ek wil my graag kwalifiseer deur te sê dat dit was dan die rede hoekom ons 'n afstandbeheermeganisme gevra het om die "limpet"-myn te aktiveer, nadat ons seker gewees het dat daar geen persone teenwoordig was op die perseel nie. Tweedens, het ons toe nadat ek die "limpet"-myn aan Igsak oorhandig het, en hy dit na die Early Learning Centre vervoer het, het ek op die ingewing van die oomblik besluit om teenwoordig te wees met die aktivering van die "limpet"-myn, aangesien ek bekommerd was dat daardie myn op 'n ander plek geaktiveer sou word dan die Early Learning Centre, en ook dat dit geaktiveer sou word op 'n tydstip waar persone in die proses gedood of beseer kon word. Dis hoekom ek ook persoonlik in bevel was van daardie projek en van die aktivering van die "limpet"-myn.

MR KHOISAN: Okay. But with all due respect, Mr Van Zyl, you gave this limpet mine to a person who - did Mr Herdien have any training with explosives, did he have knowledge of explosives?

MNR VAN ZYL: Nee, nie sover my kennis strek nie.

MR KHOISAN: And a limpet mine is something that can cause quite a lot of damage?

MNR VAN ZYL: Uit die aard van die saak, ja.

MR KHOISAN: Okay. Were you aware of any other limpet mine explosions in Cape Town, in and around the time that the Early Learning Centre event happened?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, dit het tot my aandag gekom.

Ek het sodanige inligting vanaf Gakkie ontvang. En dit was dan ook een van die redes hoekom die Early Learning Centre geteiken was, die saal spesifiek, dat persone van verbode organisasies en ek het nou deur die stukke gelees vanoggend, die name verskyn uit die aard van die saak daarin. Dit is daar waar dit verwys na name soos van Petersen en daar is 'n Malgas naam wat daar genoem word ensovoorts.

MR KHOISAN: Okay.

MNR VAN ZYL: Ekskuus tog, u het vir my gevra, ja, laat ek net gou, ekskuus laat ek net klaarmaak. En uit daardie inligting het dit gekom dat die persone daardie saal gebruik het om hulle beplannings te doen vir terreurdade in die Kaap-omgewing, en dat vanuit daardie saal, die beplanning gedoen was vir die "limpet"-myn ontploffing by die landdroshof in Athlone, sowel as by die Poskantoor te Athlone. So ja, ek het van daardie twee ontploffings kennis gedra en ek het - en dit was onder my aandag gebring dat die beplannings van daardie twee ontploffings vanuit daardie spesifieke saal gedoen was, wat ons geteiken het.

MR KHOISAN: Okay. We have to adjourn, but just before we adjourn, one final question. Were you under any pressure from higher-ups, like Joe Verster, or Joop Joubert or any other senior officer in the CCB, to carry out an action which would set an example in the Cape Town area?

MNR VAN ZYL: Dit is so.

MR KHOISAN: And who specifically was putting pressure on you to carry out this thing?

MNR VAN ZYL: Staal and Joe Verster.

MR KHOISAN: Staal and Joe Verster?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: And that they wanted a serious incident to occur, which would set an example?

MNR VAN ZYL: Wel, ek dink laat ek vir u dit so stel. Die boodskap wat ons wou uitgestuur het aan die persone, die voorbeeld wat ons wou uitgestuur het, was dat ons wou voorkom het dat verdere dade van terreur vanuit daardie spesifieke kamer beplan word en sodoende sou ons verdere menseverlies en skade en beserings kon voorkom het. So in daardie lig was daar druk op my geplaas om die projek te finaliseer.

MR KHOISAN: Okay.

CHAIRPERSON: I'm sorry, time is pressuring me, there is a lot of pressure put by time on me. We shall adjourn until two o'clock.

MNR VAN ZYL: Dankie, mnr die Voorsitter.

CHAIRPERSON: I believe there will be lunch served, but I am going out of the building. That's why I am adjourning now. We will adjourn until two.

COMMITTEE ADJOURNS

ON RESUMPTION:

ABRAHAM VAN ZYL: (Nog onder eed).

CHAIRPERSON: This is the resumption of the inquiry. Mr Khoisan?

EXAMINATION BY MR KHOISAN (cont): Good afternoon, Mr Van Zyl. Just on proceeding, and we are back on the Early Learning Centre bombing. Is it correct that you paid Mr Isgak Herdien 18 000 before the bombing of the Early Learning Centre?

MNR VAN ZYL: Nee, dis nie korrek nie, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Are you saying that you didn't give him 18 000 before?

MNR VAN ZYL: Ek het vir hom geen geld gegee wat enigsins verband gehou het met die Early Learning centre projek voordat daardie projek afgehandel was nie.

MR KHOISAN: And when the project had been finished, when the bombing had been completed, did you give him a further 18 000?

MNR VAN ZYL: Ek wonder vir my - mnr die Voorsitter, kan ek net gou my geheue net dalk verfris met een van die dokumente, asseblief? Ag, kan u dalk my geheue verfris in watter dokument het ek daarvan, van die bedrag kennis gemaak, mnr Khoisan?

MR KHOISAN: No, I am just asking you whether you paid him R18 000,00?

MNR VAN ZYL: Dit, ek, dit klink vir my asof dit die korrekte bedrag is wat ek vir hom gegee het, nadat omtrent 'n week of tien nadat die ontploffing plaasgevind het.

MR KHOISAN: Okay. And Mr Van Zyl, did you at any time discuss the following people with Mr Igsak Herdien; Peter Williams, Bruce Malgas, Chris Ferndale, Oschman, Glen Joseph, Merle Thomas, Peter Oliver, and a person by the name of Boetie?

MNR VAN ZYL: Van die name klink vir my bekend, mnr die Voorsitter. Dit mag wees dat ek almal met hom bespreek het. Sover my kennis strek, was dit name wat hy aan my genoem het, dit is nou Gakkie, as synde persone wat die fasiliteit van die Early Learning Centre gereeld van gebruik gemaak het.

MR KHOISAN: And did you discuss the subject of the possible elimination of these people with this man?

MNR VAN ZYL: Op geen stadium nie.

MR KHOISAN: Okay. At which stage did you task Mr Herdien to burn down the printing press on Hinds Road?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek is nie seker nie, maar is dit nie, is dit nie Edward Peaches wat op daardie spesifieke - wat spesifiek daarvoor getaak was nie en nie Gakkie nie?

MR KHOISAN: Now in the morning when we discussed this matter, we discussed it in relation to Mr Herdien. According to your own evidence you presented the fact that Mr Gordon had been tasked to deal with the Dullah Omar issue and a couple of other things. But you did, when we discussed the issue of the printing press, we discussed it specifically in relation to Igsak Herdien and it was also discussed to just sharpen your memory in relation to why that didn't appear in your amnesty application.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, met respek, as ek my kan korrek herinner daaraan, het die feit dat ek van die twee insidente nie gepraat het nie, verband gehou met Gordon, Edward Gordon se projekte. En ek het toe gesê dat ek nie daarvoor aansoek gedoen het nie, omrede die - ek gemislei was wat dit betref het, deur Edward Gordon. Want in die een projek van die bussie was dit Gordon gewees en 'n Ismail, 'n ene Ismail, Gakkie was glad nie deel daarvan nie. En in die volgende projek, sover my kennis strek, was dit ook Edward Gordon gewees, met alle respek.

MR KHOISAN: Okay. And did you pay for one Clive Pietersen to come to Johannesburg, with Peaches Gordon at any stage?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek het nooit 'n Clive Pietersen ontmoet nie. Wat ek wel kan sê is dat met die - met my opdrag wat ek van Staal gekry het om betrokke te wees by die eliminerings van Evans, het ek vir Peaches gevra om vir hom iemand te kry om hom te vergesel, wat hom behulpsaam kan wees. Of hierdie persoon dan wel die persoon is wat nou genoem word, ek kan dit nie sê nie, ek het nooit persoonlik geld aan hom oorhandig nie. My kontak was eksklusief met Edward Gordon gewees, en of hy vir sy vriend geld gegee het, kan ek nie sê nie.

MR KHOISAN: Okay. Now after meeting Isgak Herdien, when you first met him, did you pay him some money to come to Johannesburg for a weekend where he stayed at the Johannesburg Hotel?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And just one second. Did you pay him

R6 000,00?

MNR VAN ZYL: Net om vir 'n naweek na Johannesburg toe te kom?

MR KHOISAN: Ja.

MNR VAN ZYL: Nee, dit klink nie vir my reg nie.

MR KHOISAN: But did you pay him R6 000,00 in and around the time that you first met him?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek sou nie, ek het op geen - geen binnelandse projek wat tot my kennis is huidiglik, vir Igsak Herdien R6 000,00 gegee nie.

MR KHOISAN: Okay. Okay. And do you remember that he came to the Johannesburg Hotel, as part of his sort of getting to know you, type of project?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay. And at that time did you take him to the Park Lane Hotel during that weekend?

MNR VAN ZYL: Op geen stadium nie.

MR KHOISAN: Okay. Who is Alex Covaris?

MNR VAN ZYL: Alex Covaris is 'n persoon by wie, met wie Staal Burger in vennootskap was wat 'n besigheid betref. Hy is die - hy is of hy was die voormalige eienaar van die Park Lane Hotel, wat volgens my kennis toe deur Staal Burger van hom gekoop was.

MR KHOISAN: If I put it to you that the Alex Covaris was part and parcel of the Civil Co-operation Bureau, would that be correct?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek kan dit nie, ek kan dit nie sê nie.

Ek het op geen stadium - ek het een keer in my lewe vir mnr Covaris ontmoet, oor 'n totale privaat aangeleentheid. Ek het nooit enigiets met hom bespreek nie, en ek kan dit nie bevestig nie. Ek kan dit ook nie ontken nie. Ek dink mnr Burger sal eerder so 'n vraag kan beantwoord.

MR KHOISAN: If I put it to you that in and around the time that David Webster was killed, for approximately several weeks, you frequented the Park Lane Hotel and had several meetings with Messrs Burger, Calla Botha, et cetera.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, dit mag moontlik so wees. Die Park Lane Hotel was besoek deur myself, dit was besoek deur Calla asook deur Chap op, ek sal sê verskeie geleenthede. Ek kan nie vir u sê dit was baie gereeld gewees nie, beslis nie - ek sal sê dit het eintlik baie min plaasgevind, want ons opleiding was dat ons by, wanneer ons ook al 'n rooiplan-aangeleentheid bespreek het, met ander woorde aangeleentheid wat verband gehou het met die BSB, dat dit gedoen was by geheime ontmoetings. Daarvoor was daar fondse beskikbaar gestel gewees en daar was fasiliteite beskikbaar gestel gewees.

Ja, ons het by die Park Lane bymekaar gekom, maar ek kan vir u sê ons het daar bymekaargekom byvoorbeeld, enkele gevalle wat ek van weet, wat ons ontbyt gaan nuttig het. Maar daar was nie, dit was nie 'n bymekaarkomplek waar daar enige projekte van die BSB uitsluitlik bespreek was nie.

MR KHOISAN: Okay. And did you at any time meet one Ralph Fell, who was the food and beverage manager at the Park Lane Hotel, which was owned by Staal Burger and Alex Covaris?

MNR VAN ZYL: Ek het verskeie van sy personeel ontmoet, mnr die Voorsitter, dit is baie moontlik dat ek hom ontmoet het.

MR KHOISAN: Okay. And did you at any point have meetings in, I believe it was Mr Burger's car, and when you were having these meetings, you also have consultations with other parties, on the telephone, which was located in this car?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek kan my glad nie daaraan herinner dat ons enige ontmoetinge in Staal se motor gehou het nie, en miskien as u dalk meer spesifiek kan wees, kan ek dalk 'n beter antwoord gee, maar dit lui by my geen klokkie nie.

MR KHOISAN: Would I be correct to say that after May 1st, your visitations to the Park Lane Hotel became very, very infrequent, if at all? 1989.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, verskoon my, my - laat ek die vraag vra, maar wat het op Mei die 1ste gebeur, wat het, hoekom na Mei die 1ste?

MR KHOISAN: That is when one David Webster was killed.

MNR VAN ZYL: Nee, meneer, ek dink nie dit het enige rol gespeel, die dood van wyle dr Webster het geen, geen ontmoetings van ons sel meer gemaak of minder gemaak nie. My kennis omtrent die dood van wyle dr

Webster is absoluut zero, ek het nie eers geweet van sy voortbestaan nie, totdat ek in die koerante gelees het van sy moord nie.

MR KHOISAN: Okay. Did you have any knowledge of a list of targets in region six, at which stage you discussed this list of targets with persons, who were your compatriots in this CCB?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, daar was op 'n stadium 'n lys aan ons voorsien met name. Elke een van ons het een of twee name op die lys gekry. Ek kan nie eers onthou - presies nou onthou wie die persone was wat op my lys was nie. Ek dink amper as ek nie verkeerd is nie, was dit dr Alex Boraine se seun, maar dit was nie 'n "hit list" gewees nie, dit was bloot 'n lys wat uitgegee was waarop daar met name en meer intelligensie omtrent daardie persone moes bekom geword het.

MR KHOISAN: Mnr Van Zyl, stem u saam dat dit was 'n teikenlys?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, dit is presies wat ek nou gesê het, dit was nie 'n teikenlys nie. Dit was 'n lys gewees wat vir ons gegee was ten opsigte van persone ten opsigte van wie daar meer intelligensie bekom moes word.

MR KHOISAN: Would I be correct to assume that there were academics on that list?

MNR VAN ZYL: Miskien kan u my geheue verfris, ek weet van geen ...

MR KHOISAN: One David Webster, among them?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek ontken alle kennis van dr Webster. Ek het nog nooit, soos ek so pas getuig het, ek het nog nie sy naam gesien of van hom gehoor tot voordat ek deur middel van die

nuusmedia ingelig was omtrent sy dood nie. So ek ontken dat ...
(tussenbeide).

MR KHOISAN: Would there be church people on that list?

MNR VAN ZYL: Ekskuus?

MNR PETERSEN: Kerkmense. Church people, church leaders.

MNR VAN ZYL: Nee, ook nie wat ek kan onthou nie.

MR KHOISAN: One Beyers Naude?

MNR VAN ZYL: Dit is seker moontlik, maar ek kan my glad nie herinner dat sy naam op die lys was nie. Ek sal vir die Voorsitter moet jok as ek dit moet sê.

MR KHOISAN: Okay. Did you ever see a list with the name K Nclaba?

MNR VAN ZYL: Dit lui geen klokkie nie.

MR KHOISAN: Andrew Borraine?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, ek het vir u gesê dat Andrew Borraine was een van die name van die persone wat aan my gegee was, ten opsigte van wie ek meer intelligensie moes kry. Ek moes bevestig of hy steeds by 'n adres in Kaapstad woonagtig was. Ek kan nie, ek glo amper ek het vir - ja, vir Peaches gebruik om vir my die inligting te gee. Ons kon hom egter nie opspoor nie. Ons het gevind dat die inligting ten opsigte van die adres wat verskaf was van hom, was verouderd gewees.

MNR VAN ZYL: Frank Chikane?

MNR VAN ZYL: Ek kan my verbeel dat sy naam op die lys was, maar dit was nie 'n naam wat aan my gegee was nie, en ek kan ook nie vir u sê, mnr

die Voorsitter, wie vir watter lid van my sel die instruksie gegee was om inligting ten opsigte van hom te bekom nie.

MR KHOISAN: Winnie Mandela?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Jay Naidoo?

MNR VAN ZYL: Ek kan dit nie erken nie, ek kan ook nie ontken nie, ek kan nie onthou nie.

MR KHOISAN: Did you ever task anybody with the duty of doing collection on one Jay Naidoo? Collecting information or possible early study of Jay Naidoo?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, ek het reeds vroeër daarna verwys. Dit was 'n naam wat gegee was vir Peaches om inligting ten opsigte van hom te bekom, in Kaapstad. Dit is korrek, maar dit was nie 'n voorstudie gewees nie, dit was bloot 'n inligtingsinsamelingsfase.

MR KHOISAN: Now in your own knowledge of the CCB and in your workings, did you ever liaise with any other, through any other channel with any other institution, for instance, the security police?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek het nie op 'n professionele nie, nog op 'n vriendskapsvlak met enige van daardie lede geassosieer, veral wat my beroep betref.

MR KHOISAN: Did you ever liaise with or interact with memberes of what was then as has become known as Vlakplaas?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek ken niemand van die Vlakplaas nie. Ek het nog nie eers vir Eugene de Kock ontmoet nie.

MR KHOISAN: Okay. You never met anybody from Vlakplaas at the Park Lane Hotel?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter. Die enigste persoon wat wel op 'n latere stadium aan Vlakplaas verbonde geraak het, was 'n persoon Ben van Zyl, wat saam met my by Brixton was. En daarna by my gewerk het in my privaat besigheid vanwaar hy na Vlakplaas is. Ek het nie geweet van sy betrokkenheid by Vlakplaas nie, en ek het ook nie met hom geassosieer op enige stadium tydens sy betrokkenheid by Vlakplaas nie.

MR KHOISAN: Now Mr Van Zyl, you worked at the Brixton Murder and Robbery Squad, didn't you?

MNR VAN ZYL: Dis korrek.

MR KHOISAN: And maybe you are aware now, so maybe we can look at that, that the Brixton Murder and Robbery Squad on several occasions and in several incidents, has been connected to Vlakplaas?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek dra geen kennis, in my tydperk of voor of daarna, moontlik daarna, dat Brixton enigsins 'n verbinding gehad het met Vlakplaas nie.

MR KHOISAN: And Mr Van Zyl, have you ever in any of your projects, obtained any information from any other institution other than the Civil Co-operation Bureau in respect of targets or in respect of operations of the CCB?

MNR VAN ZYL: Op geen stadium nie.

MR KHOISAN: Okay. Can I draw your attention to Annexure 4, and - "streek ses, doelstellings". It is a document that relates to your project.

Was your project Project Goldie?

MNR VAN ZYL: Dis korrek.

MR KHOISAN: Mnr Van Zyl, as u mooi na hierdie dokument kyk, dan sal u sien daar is -

"Datum, reeksnommer, voorskot, aan wie, bewysstukke en besonderhede."

Heel bo-aan die dokument.

MNR VAN ZYL: Ek sien dit, ja.

MR KHOISAN: Voorskot sal natuurlik die bedrag voorstel wat betaal is op die spesifieke tydstip, waar byvoorbeeld dienste gelewer is ensovoorts. Is dit korrek?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, wat voorskot beteken hier is dat ons moes geld bekom het, sê vir argumentsonthalwe ek was in Johannesburg gebaseer gewees, en my streek was die Wes-Kaap streek. Dan vir my om in Kaapstad te kon uitkom moes ek van padvervoer of van lugvervoer gebruik maak en vir daardie rede sou ek dan voorskot getref het. Met ander woorde, of getrek het kontant om my in staat te stel of 'n vliegtuigkaartjie te koop of vir brandstof te betaal; as ek dan in Kaapstad arriveer, om vir my hotelkamers te betaal, om vir etes te betaal, om geld vir my agente te gee wat ek hanteer het. Dit is wat die voorskot beteken, ja.

MR KHOISAN: Ja, en aan wie - Rossouw is u?

MNR VAN ZYL: Dit is myself.

MR KHOISAN: Elke bedrag wat langsaan u naam staan, sal aan u uitgemaak word.

MNR VAN ZYL: Ek sal dit so aanvaar, ja.

MR KHOISAN: En as u heel kyk aan die regterkant, dan sal u sien daar is besonderhede.

MNR VAN ZYL: Ek sien dit.

MR KHOISAN: By besonderhede kan ons aanvaar dat daar waar dienste gelewer staan, is wanneer die betrokke agente iets vir u gedoen het?

MNR VAN ZYL: Nee, nie noodwendig nie, mnr die Voorsitter. Dit kan wees wanneer daar kwitansies ingehandig was, veronderstel ek vir - om geld te verreken, wat ek ontvang het, wat ek ontvang het as gevolg van voorskotte trek.

MR KHOISAN: So u het dan 'n voorskot vir 'n sekere rede getrek, is wat ek kan aflei. Sê vir my die ander een is projekte, projekte uitgawes. Sal dit nou die uitgawes wees wat vir die projek spesifiek gebruik is?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ten eerste, ek kan eintlik nie die vraag antwoord nie, want ek het hierdie dokument nog nooit gesien nie. Ek het hom nie opgetrek nie, ek het nooit met so 'n dokument gewerk nie. So met ander woorde, die persoon wat die inskrywings op die dokument gemaak het, moet eintlik daardie vraag antwoord. Ek sal vir u graag wil help, maar hoekom hy die inskrywing in 'n sekere kolom geplaas het, kan ek ongelukkig nie sê nie.

MR KHOISAN: Kan u gou kyk by die volgende blad, kan u net omblaai?

Kan u my sê watter datum het die Early Learning Centre plaasgevind?

MNR VAN ZYL: Dit het plaasgevind op die 31ste Augustus 1989.

MR KHOISAN: Kan u kyk na die inskrywing op die 8ste September 1989? Dit is net so op die tweede bladsy.

MNR VAN ZYL: U praat van 8 September?

MR KHOISAN: Die 8ste September, ja.

MNR VAN ZYL: Ja, dit is op bladsy 3, het ek hom, ja.

MR KHOISAN: Daar is 'n bedrag van R30 000,00?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, ja.

MR KHOISAN: Kan ons aanvaar dat dit die bedrag is wat betaal is aan mnr Isgak Herdien, ter lewering van die bedrag?

MNR VAN ZYL: Dit is nie 'n bedrag wat betaal was nie, mnr ja, maar wat gebeur het, is dat die bedrag van

R30 000,00 was goedgekeur gewees. Van daardie R30 000,00 het Gakkie R18 000,00 ontvang. Die R7 000,00 was 'n balans wat ek teruggesit het in die projek op Adv Omar. Die R5 000,00 was die balans wat ek aan Staal gegee het. Wat hy daarmee gemaak het, kan ek nie vir u sê nie.

MR KHOISAN: O, want ek sien nou langsaan dit, tussen bewysstukke is daar sertifikate ook, iets soos 'n kwitansie wat u dan ingedien het vir die 30 000. Dit is hoekom ek vra of daardie hele bedrag van R30 000,00 uitgemaak is of nie?

MNR VAN ZYL: Nee, dit was nie aan hom spesifiek uitgemaak nie, maar ja, daar was R30 000,00 getrek, maar ek wil ook vir u sê dat ek het ook

nie daai geld getrek nie, dit was deur Staal getrek gewees. Ek was in Kaapstad waar ek dit ontvang het.

MR KHOISAN: Sê my, met die geld wat u vir hom gegee het, het hy afgegaan Johannesburg toe om die geld te ontvang of het u dit in sy rekening geplaas?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, soos ek nou net gesê het is dat Staal het afgevlieg Kaapstad toe. Hy het vir my die geld hier oorhandig, en ek het vir Gakkie in Kaapstad betaal.

MR KHOISAN: Okay, mnr Van Zyl, did you at any time put money for Igsak Herdien in any account? If I put it to you, let me put it this way, let's shorthand it. If I put it to you that Igsak Herdien used the accounts of certain people which you would then use to put that money in, for which you got paid.

MNR VAN ZYL: Nee, meneer, beslis nie so nie. Absoluut nie so nie. Die enigste persoon in wie se rekening ek wel weet wat ek geld inbetaal het, was in Edward Gordon se rekening, maar dit was toe nou sy salaris gewees en as ek hom byvoorbeeld nie gesien het op die einde van die maand nie. Onder geen omstandighede het ek vir Gakkie enige geld in sy rekening of in enige ander rekening inbetaal nie.

MR KHOISAN: Okay. So in terms of this particular document, there is, I mean, we are talking about, and this is considering the fact that this is just one document for 1989. Okay? That relates to 1989. We are talking about - we are talking about a figure of - and that's, what's it,

113 000 - well, let me say, at least in and around 100 000 for some of these, for some of the amounts here. Let's say, give or take a few here and there. We say that we are sitting here with, on the one side, with 176 000.

MNR VAN ZYL: Dit mag so wees, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: So can you tell us, I mean, approximately, you were the co-ordinator, you were the person in charge of Operation Goldie, and according to your understanding of it, and given the fact that we are proceeding with an investigation because the Treasury also has to account for money spent in respect of CCB projects.

MNR VAN ZYL: Ek aanvaar dit so, ja.

MR KHOISAN: Okay. And how much money did you receive as the person, what can you account for? Do you have any accounting of how much money you handled in Operation Goldie, for the period that you handled that money, from 1980 ... - and assuming that you became operational in 1989, 1989 in January, as you say.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek kan ongelukkig geen verrekening aan u gee uit my kop uit, van hoeveel geld ek ontvang het, wat se geld ek ontvang het en hoeveel ek teruggegee het nie. Hier is enkele van die gevalle wat ek wel kan onthou. Dit is vir my onmoontlik. Daar was behoorlike dokumentasie daarvan gehou. Dit was deur die nodige kanale teruggestuur na die administratiewe kantoor van die BSB en ek kan ongelukkig nie vir u verdere kommentaar daarop lewer nie. Ek wil ook vir u noem dat mnr die Voorsitter, dat ek sien nou hier op die

spesifieke dokument, is daar geld wat getrek is as voorskot nadat ek alreeds vanaf Projek Goldie, nadat ek alreeds uit die BSB bedank het.

MR KHOISAN: Okay, but I mean you - we are talking about one year of active service in the CCB as such, right?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: And you were the person in charge of Operation Goldie.

MNR VAN ZYL: Dis korrek.

MR KHOISAN: And that this particular period of your life was something that you will not forget very easily because it affected your entire life after that. Is that correct?

MNR VAN ZYL: Dis korrek.

MR KHOISAN: And do you know how many agents you handled, how many unaware members you brought into the project, besides the ones that you have told us about, besides Igsak Herdien and Peaches Gordon, which you account for?

MNR VAN ZYL: Daar is niemand anders nie, maar gaan voort, ja.

MR KHOISAN: There is nobody else?

MNR VAN ZYL: Nee.

MR KHOISAN: Okay. Do you know one Jeff, a drug dealer in Johannesburg?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: Okay. You never met any of the criminal element in Jo'burg in respect of this work?

MNR VAN ZYL: Nooit.

MR KHOISAN: Okay. You only operated in where, in the Western Cape?

MNR VAN ZYL: Dis korrek.

MR KHOISAN: Okay. But you did make trips and we won't get out of it, you did make trips out of the country.

MNR VAN ZYL: Nog nooit nie, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: You are under oath, Mr Van Zyl.

MNR VAN ZYL: Ek is onder eed. Ek het nog nooit ten tye van my betrokkenheid by die BSB of BSB-belang, ooit, ooit, ooit uit hierdie land uitgegaan nie. Nie eers na Swaziland nie.

MR KHOISAN: Or Namibia.

MNR VAN ZYL: Of Namibia. Nee, ek was nog nooit nie. Ek het ook nie 'n vals paspoort gehad nie.

MR KHOISAN: Okay. And now in terms of - in terms of this man, Ferdi Barnard. Who was responsible for him? Was he an aware or unaware member?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek kan nie vir u sê of hy 'n bewustelike of 'n onbewustelike lid was nie. Wat ek wel vir u kan sê is dat ek het rede om te glo dat hy 'n bewustelike lid was. Ek erken dat ek hom getaak het om vir my behulpsaam te wees op die Omar-geval. Of hy vir - vir wie anders hy gewerk het, kan ek ongelukkig nie vir u sê nie, maar ek het 'n goeie vermoede dat daar wel iemand anders moes gewees het wat hom hanteer het.

MR KHOISAN: Calla Botha?

MNR VAN ZYL: Ek weet dat Calla het met hom skakeling gehad, mnr die Voorsitter. Tot hoe 'n graad hy hom hanteer het of aangewend het, vir sy projekte, kan ek ongelukkig nie kommentaar op lewer nie.

MR KHOISAN: When did you meet Donald Archerson?

MNR VAN ZYL: Ek het hom nog nooit ontmoet nie, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay. So Ferdi Barnard, do you know if he had a relationship or worked for one Jaco?

MNR VAN ZYL: Nee, meneer, ek weet nie, ek ken nie vir Jaco nie.

MR KHOISAN: Did he appear in any in-house related to any activity involving a project in region six, that's Ferdie Barnard?

MNR VAN ZYL: Op geen stadium nie.

MR KHOISAN: Who is Johan Verwey?

MNR VAN ZYL: Ek ken hom nie.

MR KHOISAN: Would I - can you confirm whether that person might also be Ferdinand Barnard

MNR VAN ZYL: Dit kan moontlik wees, ek kan dit nie onthou nie.

MR KHOISAN: Okay. Now in terms of your activities in region six, on how many occasions did you meet with Jack van Staden?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek het - dit is moeilik om presies te sê op hoeveel geleenthede. Ek het hom ontmoet twee keer voordat ons - voordat ek aangesluit het by die BSB. Ek het hom daarna ontmoet of gesien tydens ons kursus aanbieding op die Weermag-plaas buite Pretoria. Ek het hom gesien op die geleenthede wat ek aanbiedinge gedoen het, ten

opsigte van my projekte. Ek het nooit met hom sosiaal verkeer nie en ek staan onder korreksie, maar ek wil vir u sê dat ek glo nie dat ek hom op enige ander geleentheid gesien het nie.

MR KHOISAN: Okay. So Jack van Staden was the managing director of the CCB? Joe Verster.

MNR VAN ZYL: Joe Verster was, ja.

MR KHOISAN: And that was also his name, Jack van Staden.

MNR VAN ZYL: Ek glo so, hy kan seker u beter sê daarso.

MR KHOISAN: Okay. And in the whole of region six, besides Operation Goldie, what other project did you ever come in contact with?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, die enigste projek wat ek mee in kontak gekom het buite Projek Goldie was die Evans-projek, en dit was nie 'n projek van Goldie gewees nie. Ander gevalle geen wat ek kan aan dink op hierdie stadium nie.

MR KHOISAN: Did you ever hear of Project Crawler?

MNR VAN ZYL: Nog nooit gehoor daarvan nie.

MR KHOISAN: And Project Direksie.

MNR VAN ZYL: Nog nie.

MR KHOISAN: Project Colbourne?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: Project Sandbox?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: And Project Grease?

MNR VAN ZYL: Ook nie.

MR KHOISAN: Okay. Do you know of any time when members of the CCB may have engaged in any activities which verged on criminality as part of a financial project, to obtain money?

MNR VAN ZYL: Ek dra geen kennis daarvan nie.

MR KHOISAN: Okay. Now Mr Van Zyl, when you were arrested under Section 29, and I guess that's the period when your statement was taken, your statement we referred to earlier, relating to Athlone MR396/08/89, of which you have in Annexure 1.

MNR VAN ZYL: Ja.

MR KHOISAN: Earlier referred to. Did you on that occasion brief one Isgad Herdien about what he should say when he as interrogated in respect of CCB activities?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Were you in the same cell?

MNR VAN ZYL: Ons was nie in dieselfde sel gewees nie, maar ek erken ek het hom gesien op 'n geheime manier, as u dit so wil noem, in my - nee, ek is na sy sel toe. Maar ek het hom geensins enigiets voorgesê van wat hy moet sê nie. Al wat ek vir hom gesê het is dat hy maar kan samewerking gee en hy hoef nie hom te bekommer nie.

MR KHOISAN: Okay. Did you ever in and around the time that you left the CCB, get involved in an enterprise or a company known as TRC?

MNR VAN ZYL: Dis korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: What is TRC, for the record, Mr Van Zyl?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, dit staan vir Tactical Risk Control. Dit is 'n besigheid wat myself, Leon Falck en Mike Richards begin het. Dit is 'n suiwer sekuriteits-besigheid. Ons het sekuriteitspersoneel gehad op daardie stadium, wat baie min was, seker in die omgewing van 20. Dit was 'n suiwer besigheidstransaksie. Tactical Risk Control of ook soos dit bekend is as TRC, is vandag 'n "pty" besigheid, waar myself, my broer, Jan van Zyl en my vrou, Brenda van Zyl, direkteure is. Ek verhuur omtrent 150 sekuriteitspersoneel en ons het 'n afdeling wat privaat kriminele ondersoeke doen.

MR KHOISAN: And did you employ members of the CCB, ex-CCB members in this operation?

MNR VAN ZYL: Nog nooit nie.

MR KHOISAN: Did you know that this business was the subject, had at some point been the subject of an investigation?

MNR VAN ZYL: Nee, meneer.

MR KHOISAN: Okay. Do you know if this business was ever involved in any action which could have been considered an activity which would have been problematic to the State?

MNR VAN ZYL: Ek dra geen kennis daarvan nie en enige persoon wat dit wil ondersoek is baie welkom om dit te doen.

MR KHOISAN: Okay. Now did you have any contact with any persons from Directorate Covert Collection, Mr Van Zyl?

MNR VAN ZYL: Nee, meneer, ek het nog nooit enige persone van DKI ontmoet nie. Ek het wel later verneem dat Chap Maree en Staal, nadat hulle by die BSB weg was, na DKI toe is, en as u na hulle twee verwys, ja, ek het met hulle, ek het met hulle nou skakeling, maar ek het nie geweet - ek het nooit met hulle skakeling gehad gedurende die periode wat hulle aan DKI verbonde was nie.

MR KHOISAN: Okay. And did you ever work with a man called Steve Bosch?

MNR VAN ZYL: Nee.

MR KHOISAN: Or Rocky van Blerk?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: Or Dawie Fourie?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: Do you know anybody in Executive Outcomes?

MNR VAN ZYL: Nee, ek ken niemand daar nie.

MR KHOISAN: Do you know Steve Calcroft?

MNR VAN ZYL: Ek ken hom glad nie.

MR KHOISAN: Louis Luitingh?

MNR VAN ZYL: Ek ken hom glad nie.

MR KHOISAN: Greg Corbett?

MNR VAN ZYL: Ook nie.

MR KHOISAN: Jeff Price?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: Okay. And have you ever or do you have knowledge of the fact that TRC, Tactical Risk Control has ever been involved in an activity which may have been connected to Third Force violence in this country?

MNR VAN ZYL: Dis absolute onsin, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: I am just asking, I am just - I am just going through the fact that Tactical Risk Control - now when was Tactical Risk Control formed, Mr Van Zyl, exactly?

MNR VAN ZYL: In 1990, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And you set this up purely as a security firm?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: A security company.

MNR VAN ZYL: Dit is so.

MR KHOISAN: Okay. Now Mr Van Zyl, let me draw your attention to - okay.

MNR PETERSEN: Mnr Van Zyl, het u ooit weer met Gakkie in verbinding getree na die CCB-aktiwiteite?

MNR VAN ZYL: Dit is so, meneer.

MNR PETERSEN: In verband met wat was dit?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek was hier omtrent in 1992, einde, genader deur familie, Gamieder-familie. Die man van die huis was vermoor hier by sy besigheid, 'n nagklub in Johannesburg, ag, in Kaapstad, en ek was betrokke met die ondersoek van die moordsaak, en in daardie verband het ek vir Gakkie genader om in 'n poging wat hy vir ons

met die ondersoek behulpsaam moet wees. Hy kon dit egter nie doen nie, en ons het die saak sonder sy hulp opgelos.

MNR PETERSEN: Baie dankie, mnr Van Zyl.

MR KHOISAN: Now Mr Van Zyl, let me draw your attention to the final annexure here, that is Annexure 10, "heads of argument, Lubowski". Were you aware of the fact that Mr Christo Britz, also known as Wouter Jacobus Basson was keeping a diary?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, hy het 'n dagboek gehad. Ek kan hom ongelukkig nie vir u beskryf nie.

MR KHOISAN: Okay. And in terms of this diary, when did you first come to know about this diary?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, dit is iets wat hy vandat ons, vandat ek hom ontmoet het en hy by ons by die - by ons selvergaderings aangesluit het, het hy altyd die dagboek by hom gedra of 'n notaboek vir daardie doel.

MR KHOISAN: And did you know about a man called Donald Archeson?

MNR VAN ZYL: (No audible reply).

MR KHOISAN: Are you refusing to answer that question?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek so, ja.

MR KHOISAN: Thank you. We will get there. For the record can you state why you are refusing to answer that question?

MR DU PLESSIS: Mr Chairman, perhaps I can come in here. We are claiming privilege because as far as we are aware the only purpose with questions like these would be to link or question my client about foreign

matters, in foreign countries, and as I have already indicated, we are not willing to answer questions about that at this stage.

MR KHOISAN: Now Mr Staal Burger's name was also Bert Brummer?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And let me draw your attention to page 26 of the heads of argument listed as Annexure 10. Do you have that in front of you?

MNR VAN ZYL: Ek het hom hier voor my, ja.

MR KHOISAN: What is "doopdag", was it an operation of the CCB?

MNR VAN ZYL: Ek het nog nooit daarvan gehoor nie, ek dra geen kennis nie, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Did you know that - did you know that there were elections going on in Namibia and that the CCB had some projects relevant to that?

MNR VAN ZYL: Ja, ek gaan nie daardie vraag antwoord nie.

MR KHOISAN: And you are refusing to answer this question?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And your reason for refusing to answer this question?

MR DU PLESSIS: Mr Chairman, just perhaps to save time. I think we can just put on record that any questions relating to Namibia, we will at this stage, for the reasons I have set out already, refuse to answer.

MR KHOISAN: Okay. Who is Riaan, Mr Van Zyl?

MNR VAN ZYL: Ek ken nie sy regte identiteit nie. Hy kan nou voor my staan dan sal ek nie eers weet wie dit is nie.

MR KHOISAN: But Riaan, you know of Riaan? Do you know a certain person by the name of Riaan who was an aware member of the CCB?

MNR VAN ZYL: Ek wil my verbeel dat ek al die naam gehoor het en dit mag wees dat ek al die persoon ontmoet het ook, mnr die Voorsitter, maar ek kan - ek kan geen identiteit aan daardie naam koppel of 'n gesig vir daardie doel nie.

MR KHOISAN: Okay. Did you ever attend an in-house in Rosebank, in 1989?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek het die enigste in-huis wat ek bygewoon het, by die Rosebank Hotel het verband gehou met die projekte ten opsigte van Adv Dullah Omar.

MR KHOISAN: Okay, this is where the final preparations were made for the assassination of Adv Dullah Omar.

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: And Nic Verbeeck, that is also an alias for ...?

MNR VAN ZYL: Ek weet nie vir wie dit is nie, mnr die Voorsitter, maar ek weet ek het wel met die Nick persoon geskakel op, ek dink twee geleenthede.

MR KHOISAN: Could it be that Nick Verbeeck was Staal Burger?

MNR VAN ZYL: Nee.

MR KHOISAN: Do you know Fred?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: At which stage, Mr Van Zyl, did you and your fellow CCB people in 1989 decide to take cover?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek weet nie presies waarna die vraag verwys nie. Daar was nooit aan ons gesê om - ek weet nie, miskien moet u dalk net meer spesifiek wees, dan kan ek dalk die vraag antwoord.

MR KHOISAN: Could it be that somebody was arrested, one Donald Archerson and after that the CCB decided that everything had to be cooled down?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter. Ek het bedank uit die BSB uit in Oktobermaand. Ek moet vir u sê dat nadat mnr FW de Klerk, die vorige Staatspresident, ingesweer was, het die - het die aktiwiteite in ons sel afgeneem, definitief.

MR KHOISAN: Okay. Now in terms of the activities of the CCB as a whole, you are saying that you were active only for 10 months, right?

MNR VAN ZYL: Myself, ja, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And that while you were active Operation Goldie is the only thing you were associated with? For the record, you are saying ...

MNR VAN ZYL: Ja.

MR KHOISAN: And that there is nothing else that you have a connection to?

MNR VAN ZYL: Niks anders behalwe wat ek vir u vandag hier gesê het nie.

MR KHOISAN: And there is absolutely no reason why we should assume anything other than what you have told us?

MNR VAN ZYL: Ek sal baie bly wees as u my glo van dit wat ek gesê het. Daar is geen rede om enigiets anders te vermoed nie.

MR KHOISAN: Now in terms of region six, Mr Van Zyl, did you ever at any time task anybody in Cape Town to do collection on one Anton Lubowski? In Cape Town. This is not in Namibia, this is inside South Africa, in Cape Town, when Anton Lubowski was in Cape Town, did you task any one of the following people; Peaches Gordon, Erwin Meyer or Isgak Herdien, alias Gakkie, to do collection on Anton Lubowski?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, kan u my dalk net so 'n tydjie gee om net met my regsverteenwoordiger te konsulteer, asseblief? Dankie, mnr die Voorsitter.

Mnr die Voorsitter, op advies van my regs-verteenwoordiger, met respek, sal ek nie, verkies om nie daardie vraag te antwoord nie.

MR KHOISAN: To the arguing of putting other stuff here, we need to put before you, but in terms of the criminal element in Cape Town, the fact that you were associated with some of the most nefarious criminals in this town, to wit, Peaches Gordon, Isgak Herdien and Erwin Meyer, Ismail and Clive Pietersen, alias Clivey.

MNR VAN ZYL: Ek ken nie vir Clive nie, ook nie vir Erwin nie, mnr die Voorsitter

MR KHOISAN: Okay. Was that okay, was that on the level with your bosses, the fact that these people were some of the most notorious people in this town, that you were in the employ of the Government?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: They considered this fine?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: Okay. Now in terms of that incident, did you have any knowledge of any, did you at any time task any of your operatives in Cape Town to do collection on one Colleen Williams and one Robbie Waterwich?

MNR VAN ZYL: Op geen stadium nie, mnr die Voorsitter. Ek het die name gesien in die dokument wat aan my gestuur was. Ek weet nie wie hulle is nie. Ek het absoluut geen idee nie.

MR KHOISAN: Okay. Just on that particular question that I just asked you earlier, maybe you can turn to - this is the statement of Peaches Gordon and that's Annexure 2, I believe. Okay. And point 28, and this is Peaches Gordon's statement that was taken - I will give it to you, the same statement that we talked about, his statement to Lieut-Col L E Van Collin.

MNR VAN ZYL: Wat se, sê net weer wat se paragraaf, is dit, meneer, en watter bladsy?

MNR VAN ZYL: Okay. That's page 8, paragraph 28.

CHAIRPERSON: Excuse me, can we just take a short adjournment at this stage, I just want to go to the men's.

COMMITTEE ADJOURNS

ON RESUMPTION:

ABRAHAM VAN ZYL: (Nog onder eed).

EXAMINATION BY MR KHOISAN (cont): Do you have the exact place in that statement of Peaches Gordon?

MNR VAN ZYL: Ek het dit voor my, ja, dankie.

MR KHOISAN: Okay. And he says for the record, in point 28:

"Die volgende dag omstreeks 13:00 het ek vir Erwin in Kewtown ontmoet. Hy het my meegedeel dat hy die oggend vir Theunis ontmoet het in die Claridges Hotel en aan Theunis vertel dat hy die Kombi gebrand het. Erwin het gesê dat Theunis hom R4 000,00 betaal het. Erwin het baie R50,00 note gehad by hom, en vir my R100,00 gegee. Hy het toe die geld spandeer."

Ontken u dat u op enige stadium hierdie man gewerf het as 'n agent of 'n ding vir die BSB?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, ek ontken dat ek ooit met 'n persoon geskakel het met die naam van Erwin. Ek glo wat hier gebeur het is dat Peaches het 'n verkeerde naam in sy verklaring gesit, want ek ontken nie dat ek wel 'n bedrag van R4 000,00 aan Ismail gegee het nie, vir dieselfde projek vir die uitbrand van die projek nie. So die name is ongelukkig verkeerd.

MR KHOISAN: So kan dit miskien wees dat hierdie Erwin een Ismail is?

MNR VAN ZYL: Korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay. En waarvoor is hy getaak?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, dit was, soos ek reeds gesê het, vir die bussie wat moes uitgebrand geword het, wat toe later geblyk het nooit

bestaan het nie. Nommer eerstens, en tweedens, uit die aard van die saak was dit toe nie uitgebrand nie, want die bussie het nie bestaan nie.

MR KHOISAN: Nou hoekom het u na Paasnaweek in 1989

R4 000,00 in Peaches Gordon se rekening gesit?

MNR VAN ZYL: Na die Paasnaweek?

MR KHOISAN: Ja, dis wat sy verklaring sê hierin, op dieselfde bladsy.

Punt 30.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek kan nie onthou of die bedrag wat ek hom betaal het, of in sy rekening gedeponeer het, R4 000,00 was of nie. Ek erken dit nie, ek ontken dit ook nie. Maar as ek sy paragraaf verder lees dan het die geld verband gehou om hom in 'n finansiële vermoë te plaas vir hom en 'n onbekende persoon aan my, om na Johannesburg te kom om vir my behulpsaam te wees met die projek van mnr Gavin Evans.

MR KHOISAN: Dit is ene Clive Pietersen?

MNR VAN ZYL: Dit mag so wees, mnr die Voorsitter, ek het hom nooit ontmoet nie.

MR KHOISAN: Okay. En daar kan miskien wees dat - that they are plane tickets to prove that they travelled together, one Peter Gordon and one Clive Pietersen.

MNR VAN ZYL: Ek neem so aan, ja.

MR KHOISAN: Okay. Now let us say to you that - I don't believe that you are telling this Commission all that there is to be told. Why did - why was your car taken away from you by the CCB?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ten eerste, ek is eintlik teleurgesteld om te hoor dat daar enigsins gesuggereer word dat ek nie eerlik is met die Kommissie nie. Tweedens ... (tussenbeide).

MR KHOISAN: No, I am just saying it is possible.

MNR VAN ZYL: Tweedens, my motor was by my weggeneem omrede ek uit die organisasie uit bedank het, en dit was die reëling reg aan die begin dat sal jy die diens van die organisasie verlaat dat jy alles moet teruggee. Ek moes inderdaad ook die (onduidelik) masjien wat ek gehad het, teruggee het. Ek moes alle toerusting wat aan die Weermag behoort het, moes ek teruggee.

MR KHOISAN: Now Mr Van Zyl, in terms of this can it be also that - because we are going to get to a couple of other things, but can it be that your car was taken away from you so that you could be held hostage to the Military? Maybe because of statements that you had made? Or maybe they were concerned about you just being out there?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, die rede hoekom dit by my teruggevat was, glo ek was omdat ek uit die diens bedank het. Ek kan dit nie ontken nie, wat ek wel vir u kan sê ja, hulle was vir my kwaad gewees. My verhouding met Staal, my verhouding met Chap, my verhouding met Joe Verster, was van nul en geen waarde gewees nie. Ons het nie met mekaar skakeling gehad nie, en ek moet vir u sê dat ek het eintlik meer oor my skouer gekyk vir hulle as wat ek oor my skouer gekyk het vir my eertydse vyand.

MR KHOISAN: And was this car given back to you at some point again?

MNR VAN ZYL: Dit was wel vir my teruggegee op 'n stadium.

MR KHOISAN: And why?

MNR VAN ZYL: Ek glo hulle wou my gesindheid daardeur gewen het.

MR KHOISAN: Was it maybe - at what point was your car taken away from you, when exactly?

MNR VAN ZYL: Ek weet nie presies wanneer nie, mnr die Voorsitter, maar dit was, ek vermoed hier in Oktobermaand gewees, laat Oktober, miskien baie vroeg in November, en ek weet dit was toe weer vir my teruggegee 'n tydjie daarna, 'n paar weke daarna, en 'n paar dae later weer weggevat.

MR KHOISAN: Would I be correct to say that the CCB operated on the basis of if-you-talk-you-die?

MNR VAN ZYL: Ek kan, ek kan dit nie sê nie. Ek dink 'n mens kan maar aanvaar dat persone wat verbonde is aan organisasies soortgelyk soos die BSB, moet dit dalk in gedagte neem, ja.

MR KHOISAN: In what relation, in what connection did you ever hear the name Brand Visagie?

MNR VAN ZYL: Nog nooit gehoor daarvan nie.

MR KHOISAN: Okay. Did you ever go to Natal?

MNR VAN ZYL: Nee, nie - ek was al in Natal, maar nie op BSB-besigheid nie.

MR KHOISAN: Did you ever go to Natal in 1989?

MNR VAN ZYL: Ek mag daar gewees het, mnr die Voorsitter maar glad nie op BSB-aangeleenthede nie.

MR KHOISAN: You never met Andy Taylor?

MNR VAN ZYL: Nog nooit nie.

MR KHOISAN: Hentie Botha?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: You don't know these people at all?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: And you never went there on CCB business?

MNR VAN ZYL: Nog nooit nie, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: There is nothing that you know which is relating to CCB activities in terms of weapons? Are you telling this Commission that?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: Okay. You don't know anything relating to a project by the name of Pacman, do you?

MNR VAN ZYL: Nog nooit daarvan gehoor nie.

MR KHOISAN: You were never on a project where - which involved the lifting of arms?

MNR VAN ZYL: Nog nooit nie.

MR KHOISAN: Arms caches?

MNR VAN ZYL: Nog nooit.

MR KHOISAN: Okay. Besides the CCB, did you ever meet any other people from Special Forces?

MNR VAN ZYL: Nog nooit nie.

MR KHOISAN: And you are saying that you have never ever met those people?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay. Besides the five-day course that you attended at your induction to the CCB, did you ever attend any other course?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Did you ever go to any meeting other than one that was expressly for CCB purposes, more broader?

MNR VAN ZYL: Glad nie.

MR KHOISAN: Okay. Can I draw your attention to BSB document at page 5, the document that's Annexure 5?

MNR VAN ZYL: Ek sien hom voor my.

MR KHOISAN: Okay. And in terms of this particular document, I want to draw your attention to an area which deals with the year plan, and I will find it for you right now. Okay. It is an area called the year plan, drawn up by one Jack van Staden. That's in the middle of the document. Okay. You have never seen this document before?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek het nog nooit die dokument gesien nie, behalwe ongeveer 'n week gelede, toe my prokureur dit aan my getoon het.

MR KHOISAN: Okay. And in terms of this particular document, when you studied it, when it talked about the plan of the CCB, the personnel plan of the CCB, that's right in the front here.

MNR VAN ZYL: Ek het dit vlugtig deurgelees, ja.

MR KHOISAN: Okay. Now in terms of the financial plan, you were in charge of a project. So I guess you should have had some understanding of how some parts of the financial plan worked, right?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: Okay. Now in terms of this financial plan, that's made mention here in 2.1, do you agree with it? Begroting, befondsing, inkomste, suborganisasie, aanvraag, aanwending van fondse, versekering van fondse, buitelandse deposito's. In so far as it relates to you, is there anything here that relatively responds to - because you controlled one project, so you should have had something to do with finances.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, al wat ek met finansies gedeel het, hierdie is vir my totaal onbekend. Al wat ek daarvan geweet het is dat ons het 'n vorm gehad, van 'n aansoek vir voorskot en ons het 'n vorm gehad van, wat geken was as verrekening van voorskot. Dit is die enigste finansiële vorms waarmee ek en in my Projek Goldie mee gedeel het.

MR KHOISAN: Did you keep an exact account - did you keep perfect records, good records, because you were working with State funds, right?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ten opsigte van ja, wanneer ek geld ontvang het, en wanneer ek dit teruggee het, het ek eenhonderd persent behoorlik rekord daarvan gehou, maar ek het nie rekord, ek het nooit 'n afskrif gehad van 'n aansoek vir voorskot of 'n afskrif van 'n verrekening van voorskot vir doeleindes van eie boekhouding nie. Dit was ons nie toegelaat gewees nie.

MR KHOISAN: But when you dealt with money which was essentially the money of the South African taxpayer, did you give that - did you keep an account of it and hand that to the relevant authorities?

MNR VAN ZYL: Baie beslis.

MR KHOISAN: And who was that relevant authority that you dealt with?

MNR VAN ZYL: Wel, ek het my geld ontvang of vanaf Staal of vanaf Wouter Basson, en ek het dit terug oorhandig, of aan Staal of aan Wouter Basson.

MR KHOISAN: Were there any occasions when you had occasion to sign down in the diary of one Wouter Basson? And I refer to "dagboek van Wouter Basson" for 1989?

MNR VAN ZYL: Dit mag wees, mnr die Voorsitter. Ek dink, ek kan my dit verbeel.

MR KHOISAN: Okay. Now Mr Verster, I mean, Mr Van Zyl, in terms of this particular document, what is really - what interests me here particularly, is this thing of the structure that is mentioned here. It is on page 7, I believe.

MNR VAN ZYL: Ek het hom voor my.

MR KHOISAN: Now when you were inducted in the CCB and in the process in the year in which you learned, you learned as you went along, is this sort of the legend that was built-up generally of building up this firm known as the CCB, under this kind of a structure?

MNR VAN ZYL: Ja, mnr die Voorsitter, nie in die besonderheid soos wat dit hier op die - in die dokument aangetoon word nie, maar ek dink daar is

'n baie groot ooreenkoms tussen wat ek getuig het vandag en wat die struktuur in hierdie dokument weerspieël.

MR KHOISAN: Now when you made a statement earlier, in another - at another time and place and in another time and space, you discussed a structure of the CCB?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: Something similar to this, but not quite like this. Right?

MNR VAN ZYL: Dit was, soos ek sê, dit is iets wat my - die struktuur wat ek geskets het weens die - weens die kennis tot my beskikking en hoe ek dit verstaan het, is meer of min wat hier is, maar dit is nie in dié besonderheid as wat dit in hierdie dokument uitgebeeld is nie.

MR KHOISAN: So if I put it to you that the CCB in its whole life spent in and around R100 000 million of taxpayers' money, or close on that, and what you are telling this Commission today, is the project which was the umbrella for most of the internal projects, Project Goldie, spent what, R100 000,00?

MNR VAN ZYL: Dis al wat ek van weet, mnr die Voorsitter. Ek het geen kennis van wat die totale begroting was van die BSB of die totale uitgawes nie, maar ja, dit wat verwys na Projek Goldie, as dit so op die dokument staan, dan kan ek dit nie betwis nie, dan is dit seker korrek.

MR KHOISAN: But you know, this is only one little document relating to Project Goldie. We don't know the - you cannot estimate how much money, you were the one in charge of that project, you cannot estimate

how much of the taxpayers' money of South Africa was actually used in Project Goldie?

MNR VAN ZYL: Ja. Nee, ek kan dit nie doen akkuraat nie, mnr die Voorsitter, maar wat ek wel vir u kan sê is dat as ons kyk na die projekte soos wat ek dit geskets is aan die Kommissie, dan klink R100 000,00 ook vir my te veel. Want daar was nie - ek het nie veel gedoen nie. U weet, dit was 'n - ons was in 'n - ek was in 'n nuwe struktuur, ek was in 'n struktuur vir 'n baie kort tyd. Maar as ek aanvaar 'n R100 000,00 dan is dit 100 000, maar ek kan nie vir u sê dat Projek Goldie, wat betref Streek Ses as die grootste projek gewees nie. U moet ongelukkig my eertydse kollegas vra maar wat het in hulle projekte aangegaan.

MR KHOISAN: So Calla Botha had his own projects?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And Staal Burger had his own projects?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And ...

MNR VAN ZYL: En Chap Maree het syne gehad.

MR KHOISAN: And Chap Maree had his own projects. So you were responsible for the Western Cape?

MNR VAN ZYL: Dis korrek, ja.

MR KHOISAN: And the Northern Cape too, I would assume?

MNR VAN ZYL: Nee, meneer.

MR KHOISAN: Who was responsible for the Northern Cape?

MNR VAN ZYL: Net die Wes-Kaap. Sover my kennis strek, was - ek was in die Wes-Kaap gewees. Ek weet nie of daar enigiemand spesifiek aangewys was vir die Oos-Kaap of die Noord-Kaap nie. Ek weet Calla was in Transvaal, die destydse provinsie van Transvaal. Ek weet dat Chap Maree was in Natal gewees. Dit was basies die streke.

MR KHOISAN: Chap Maree was in Natal?

MNR VAN ZYL: Korrek.

MR KHOISAN: And he handled activities in Natal?

MNR VAN ZYL: Wel, ek dra nie kennis van sy aktiwiteite ongelukkig nie.

MR KHOISAN: But you know their projects?

MNR VAN ZYL: Ek ken ook nie hulle projekte nie.

MR KHOISAN: You don't know anything else except Project Goldie?

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Project Choice.

MNR VAN ZYL: Ek glo ek het al die - Choice, ja, maar mnr die Voorsitter, Projek Choice is die administratiewe projek van Streek Ses. Dit is nie 'n projek ten opsigte van die eliminerings van 'n spesifieke persoon nie. Dit is die administratiewe projek van Streek Ses.

MR KHOISAN: And this Matthysen Bus Company, when you referred to it in code among each other, you must have referred to in a project, without referring to Matthysen, so it must have been a project, because sometimes the way the structure was set up, there were projects.

MNR VAN ZYL: Nee, ek verstaan nie u vraag nie.

MR KHOISAN: You didn't have a code for Matthysen Bus Company between you?

MNR VAN ZYL: Glad nie. Matthysen Busdiens, daar was geen -daar was geen verband tussen die Weermag en Matthysen Busvervoer nie, absoluut hoegenaamd geen.

MR KHOISAN: Okay. Now take us through the process of when something moves from - to the final stage, which is, I guess the red plan, right? If you are planning an elimination.

MNR VAN ZYL: Ja.

MR KHOISAN: And let's talk about the things that you are prepared to talk about here, which is the Dullah Omar example.

MNR VAN ZYL: Okay. Wat gebeur het, mnr die Voorsitter, is dat 'n teiken word vir my of aangewys ... (tussenbeide).

MR KHOISAN: By wie?

MNR VAN ZYL: Deur die streekbestuurder of deur die koördineerder, Wouter Basson. Dan bekom ek meer inligting ten opsigte van die teiken. Ek moet 'n plan beraam oor hoe daar teen die persoon opgetree moet word en wat daar teenoor daardie persoon gedoen moet word. Dan dit noem ons 'n voorstudie. Daardie voorstudie bied ek dan aan aan die streekbestuurder en aan die koördineerder. Daarna gaan die - word die voorstudie aangebied aan die besturende direkteur. Die besturende direkteur gaan bied dit aan aan die voorsitter, en daarna as dit goedgekeur word, staan dit eers bekend as 'n projek. Dit is hoe ek dit verstaan het.

Daar mag dalk - mnr Verster mag dalk vir u 'n ander interpretasie gegee het daarvan, maar dit is eerlikwaar hoe ek die sisteem verstaan het.

MR KHOISAN: So in terms of this you have, the person who tasked you is Joe Verster, just in respect of Adv Dullah Omar. The person who conceived up and gave the order that this man should be removed from society, is Joe Verster.

MNR VAN ZYL: Dit is die persoon, mnr die Voorsitter, wat die hoogste op was in die BSB struktuur, met wie ek persoonlik geskakel het ten opsigte van die uiteindelijke projek van mnr Dullah Omar.

MR KHOISAN: Ja, we are trying to establish a line of command here.

MNR VAN ZYL: Ekskuus tog, meneer?

MR KHOISAN: You had direct contact with Joe Verster.

MNR VAN ZYL: Dit is korrek.

MR KHOISAN: In respect of the killing or the proposed plan to kill Dullah Omar.

MNR VAN ZYL: Dit is wel so, ja.

MR KHOISAN: Okay. So he is the highest ranking person.

MNR VAN ZYL: Met wie ek daar geskakel het, ja.

MR KHOISAN: And then Staal Burger.

MNR VAN ZYL: Onderkant mnr Verster.

MR KHOISAN: Yes.

MNR VAN ZYL: Ja, en dan die koördineerder wat onderkant was.

MR KHOISAN: Wouter Basson.

MNR VAN ZYL: Dit is korrek en dan was dit ek.

MR KHOISAN: And then you?

MNR VAN ZYL: Ja.

MR KHOISAN: And then one Peaches Gordon.

MNR VAN ZYL: Ditis korrek.

MR KHOISAN: So that's in terms of that particular project. Did it concern you or did you get - did it, what was going through your mind when these other guys would leave the country for periods of time, like Chap Maree, et cetera? Did you know that they were leaving the country on a regular basis in 1989? Chap Maree, et cetera, et cetera.

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek dra geen kennis, besliste kennis dat of Chap Maree of Staal of Wouter of Verster of Botha die land verlaat het gedurende my tydperk van wat ek betrokke was by die BSB nie. Soos ek vroeër vir u gesê het, is dat ons handeling was - almal het sy handeling geheim gehou, want dit was ons opleiding. En ons moes dit so doen om die sukses van die BSB te kon handhaaf.

MR KHOISAN: Okay. Did you know about Gwen Lister? Do you know the name Gwen Lister?

MNR VAN ZYL: Ek het al die naam gehoor, maar ek was nie - ek dra geen kennis ten opsigte van die naam wat betref 'n spesifieke projek of enige persoon wat daarmee gewerk het nie.

MR KHOISAN: This person was never, any subject of any work that you have done?

MNR VAN ZYL: Beslis nie.

MR KHOISAN: You are under oath.

MNR VAN ZYL: Beslis nie.

MR KHOISAN: I put it to you that in terms of this particular thing I am going to ask the Chairman right now - do you want to ask a couple of questions here?

MR PETERSEN: I think that in terms of this particular thing, in terms of Coleen and Robbie Waterwich, did you ever make reference to them and that incident, that bomb incident, in any statement you had made?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, al wat ek kan onthou en ek het ook al my geheue verfris deur dokumentasie te bestudeer, ek sien hier het ek op 'n stadium kennis gemaak van of eerder melding gemaak van die ene Williams dame wat skynbaar in 'n bomontploffing sou dood gewees het, waar sy en 'n ander persoon die bom sou geplant het. As dit die persoon is na wie u verwys, kan ek ongelukkig nie vir u sê nie. Ek weet ek het haar, dit is inligting wat ek destyds van Gakkie af ontvang het, mnr die Voorsitter, en soos ek sê my, ek kan onthou dat hy vir my gesê het dit was 'n halfsuster van Peter Williams, maar of dit so is, ek kan dit ongelukkig nie bevestig nie.

MNR PETERSEN: En waarvandaan het u die inligting gekry dat hulle was mense wat betrokke was by 'n bende wat destyds bekend was as die Kewtown Youth Movement?

MNR VAN ZYL: Ek het dit by Gakkie gekry.

MNR PETERSEN: Nou het u op enige stadium van die mense, was u op enige stadium van hierdie mense in kennis gestel, voordat die ontploffing gebeur het?

MNR VAN ZYL: Die name was wel aan my genoem gewees.

MNR PETERSEN: Robert Waterwich en Coleen Williams?

MNR VAN ZYL: Nee, ek kan nie onthou of die naam Coleen Williams aan my genoem was nie of Robert Waterwich nie, dit lui nie by my klokkies nie. Die name wat wel in my verklaring daar staan, en ek verwys spesifiek na my 29-verklaring van Ferndale en die ses name noem ek wat daar staan, is name wat ek kan onthou het, wat Gakkie aan my genoem het as synde persone wat aan verbode organisasies verbonde sou gewees het.

MR PETERSEN: Was there at any time any action taken by you or did you task anybody at any time to maybe tamper with the weapons of the enemies of the State, as the founding statement of the CCB is that you had enemies, which you had to "maksimaal ontwrig".

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, ek het, soos ek reeds vroeër getuig het, die enigste wapen wat ek ontvang het vanuit die struktuur, of andersins, wat ek op enige stadium aangewend het, vir enige projek, was dié spesifieke Makorov-pistool. Daar was glad nie daarmee gepeuter gewees nie. Ekskuus, en dan die "limpet"-myn wat ek ontvang het. As u na dit wil verwys het, die wapen. Maar daar was geensins daarmee gepeuter gewees nie, hoegenaamd nie.

MR PETERSEN: Nou daardie - now we were on that limpet mine. Just before the Athlone incident happened. just before the Early Learning

Centre incident happened, you informed us that you were under pressure, that I believe, was it Joop Joubert, Genl Joop Joubert that he was absolutely upset that there should not be another limpet mine explosion in the Western Cape. Is that true?

MNR VAN ZYL: Nee, mnr die Voorsitter, die verklaring sou skynbaar na bewering gemaak gewees het deur mnr Verster, aan mnr Burger, want mnr Burger het dit aan my oorgedra, telefonies. Ek kan ook net vir u sê dat ten tye van die ... (tussenbeide).

MNR PETERSEN: Nou wat het hy vir u gesê telefonies?

MNR VAN ZYL: Hy het vir my gesê dat ek die projek van die Early Learning Centre nou moet afhandel, omdat hulle nie wou gehad het dat daar, dat die persone wat verantwoordelik was vir die plant van bomme, in die Wes-Kaap omgewing en wat van daardie saalfasiliteit gebruik gemaak het, enigsins weer 'n kans gegee moes word om verdere terreurdade te pleeg nie.

MNR PETERSEN: Het u geweet dat daardie plek die Early Learning Centre was 'n kleuterskool gewees, waar kinders, klein kinders skool gegaan het by 'n crèche?

MNR VAN ZYL: Mnr die Voorsitter, ek is heeltemal daarvan bewus. Ek wil dit egter vir u noem dat soos kerke gebruik was in die verlede, om terreurdade te beplan, so was skole ook beplan gewees.

MNR KHOISAN: Okay. Nou in terme van hierdie Williams-geval, kan u Williams - can you tell us under oath now that you had - that you or anybody that you know had nothing to do with that incident?

MNR VAN ZYL: Wat se insident is dit nou meneer?

MR KHOISAN: This incident in which Coleen Williams and Robbie Waterwich died?

MNR VAN ZYL: Ek weet nie, as ek, ek sê vir u onomwonde, ek was glad nie daarby betrokke nie. Ek dra ook nie kennis van enige persoon wat daarby betrokke was nie. 'n Mens weet ook nie hoe dit gebeur het, u kan dalk my u weet, net inlig ter inligting, ek weet nie.

MR KHOISAN: No, I am just asking, because you were involved in a limpet mine explosion subsequently and that by allegation was an incident that occurred in a, or that a limpet was used that incident.

MNR VAN ZYL: Hoegenaamd was ek nie daarby betrokke nie en ek dra ook nie kennis van enige persoon wat daarby betrokke was nie.

MR KHOISAN: Did you ever meet a person by the name of Andy Muller in Cape Town?

MNR VAN ZYL: Andy Muller?

MR KHOISAN: Ja.

MNR VAN ZYL: Nee, glad nie. Ek dink ek het die naam al gehoor, van 'n privaat speurder, indien dit dieselfde persoon is, ek weet nie of dit so is nie.

MR KHOISAN: Or Smit?

MNR VAN ZYL: Watter Smit?

MR KHOISAN: Right now he is Commissioner Smit. He is currently a Commissioner Smit of Veiligheids ...

MNR VAN ZYL: Nee, ek ken hom nie.

MR KHOISAN: And you never met Bellingham?

MNR VAN ZYL: Bellingham van?

MR KHOISAN: Riaan Bellingham.

MNR VAN ZYL: Nee, glad nie.

MR KHOISAN: Van Vlakplaas.

MNR VAN ZYL: Nooit, ek het geen Vlakplaas-lid nog ooit ontmoet nie.

MR KHOISAN: Nog nooit?

MNR VAN ZYL: Nog nooit.

MR KHOISAN: Okay. Look, we want to ask you about questions which are outside the country, but I am going to request the Chairman if we have an adjournment, where we can actually - when I can put some points to him about actually compelling you to answer some questions, because we believe that we cannot fully conclude this particular section of the investigation without getting to that, because it involves incidents that we have been tasked to find out about, you know. I will put it to you that some of the buses that were burnt in Namibia during the elections, those were Cape Town people. Those were buses from Cape Town which had gone to support the Namibian election and that there are people that have brought statements before the TRC that need investigation. But I am going to ask for an adjournment and then we can present our argument on that to the Chairman.

CHAIRPERSON: How long an adjournment do you want, Mr Khoisan?

MR KHOISAN: About 10 minutes is fine, Mr Chairperson.

CHAIRPERSON: Mr Du Plessis?

MR DU PLESSIS: Yes, Mr Chairman.

CHAIRPERSON: Do you have no objection to an adjournment?

MR DU PLESSIS: No, no objection.

CHAIRPERSON: All right. We adjourn then until quarter to four.

COMMITTEE ADJOURNS

ON RESUMPTION:

CHAIRPERSON: Mr Khoisan?

MR KHOISAN: Mr Chairperson, it is very late in the day and at this time I would like to you know, address some of the concerns of the investigative unit in terms of this particular hearing that has ensued here today. When we originally called Mr Van Zyl to a hearing today, he was called to answer questions in reference to the following issues. The recruitment and tasking of Edward Peaches Gordon and other known gangsters on the Cape Flats, the tasking of gangsters and other CCB members to penetrate the Kewtown Youth Movement and conduct surveillance on leading activists. The bombing of the Early Learning Centre and/or circumstances and all information concerning the circumstances in which Robert Waterwich and Coleen Williams died.

In terms of this we have looked at point 2.1, that's one particular issue which is of concern to us, and that goes directly to the heart of what these hearings have been about today and what it will be about tomorrow and what it has been about on Monday and Tuesday. That is to pursue our

deeper investigation into the organisation known as the Civil Co-operation Bureau, the CCB. So that we can present as full a report on this organisation, its functions, what it actually was involved with and how this affected the people of this country, both inside and outside the country. Also, how the resources of the Republic of South Africa and people inside the Republic of South Africa were used in carrying out the functions of the Civil Co-operation Bureau.

With respect, Mr Chairman, we earlier today came across an obstacle and that obstacle is of course, as we see it, very well detailed in Section 31 which is the compellability of witnesses and the inadmissibility of incriminating evidence given before the Commission.

Section 31(1) states:

"Any person who is questioned by the Commission in the exercise of its powers in terms of this Act, who has been subpoenaed to give evidence or to produce any article at a hearing of the Commission, shall, subject to the provisions of subsections (2), (3) and (5) be compelled to produce any article or answer any question put to him/her with regard to the subject matter of the hearing, notwithstanding the fact that the article or his/her answer may incriminate him/her."

Our position is that in terms of Section (2) -

"A person referred to in subsection (1) shall only be compelled to answer a question or to produce an article which may incriminate him/her if the Commission has issued an order to that effect, after the Commission has

- (a) consulted with the Attorney-General who has jurisdiction,
- (b) has satisfied itself that to require such information from such a person, if it is reasonable, necessary and justifiable in an open and democratic society, based on freedom and equality, and
- (c) has satisfied himself that such a person has refused or is likely to answer a question or produce an article on the grounds that such an answer or article may incriminate him/her."

Our position is that you know, we cannot really proceed to discharge our mandate of the investigative unit of the Truth and Reconciliation Commission, which is to gain maximum insight into events which have

occurred in the period of our mandate, and to present as full as possible a picture of these events that have ensued in this time-frame, if we cannot get people like the witness before us today, Mr Van Zyl, to answer questions in respect of the CCB, in that as has been stated by Mr Van Zyl, through his attorney, he cannot answer questions outside the country, as it affects the activities of the CCB, outside the country. That for us is a bit problem.

In respect of this we have proceeded to satisfy what we believe are the terms that are laid down, at least in subsection (a). We have consulted with the Attorney-General who has jurisdiction and we have a copy of that consultation relevant to Section 31(2) of Act 34/1995, in respect of Messrs Verster, Van Zyl and Basson alias Britz.

We are therefore calling upon you, Mr Chairman, who is presiding at this hearing, to make a ruling in respect of compelling the witness to answer all questions as it relates to the activities of the CCB, outside the country.

CHAIRPERSON: What do you say on the question of the submission that there is no guarantee that the protections that seem to be in place in the Act, will not avail the witness? And what is your reply to the fact that the Attorney-General must be a foreign Attorney-General?

MR KHOISAN: Okay. On the first question, Mr Chairman, the foreign authorities, the authorities outside the country is the Attorney-Generals in other countries, and nations who may feature in the area of questioning, cannot access this material, until and if they are handed this material by

